DIE TYDSKRIF VIR DIE JAGTER EN BEWAARDER / THE MAGAZINE FOR THE HUNTER AND CONSERVATIONIST
JANUARIE 2018 NO. 01132

# JAGTER
SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN
# HUNTER

**TOETSVERSLAG**
**STEINER-PRODUKTE**

**JAG**
**BUKSIE GAAN BOS TOE**

**GEWERE**
**KIMBER se liggewig**




**Die .303 bly bobaas**

**PIGEON SHOOTING**

**Dink voor jy die sneller druk**

## 6.5 GRENDEL – 'n Bielie van 'n buksie

RSA R38.00 (Vat Incl)
N$40.50 (Namibia)
01132
9 770259 935002


norma
ORYX
- EVERYTHING A BULLET SHOULD BE ! -
Professional Hunter
MAXIMUM PENETRATION
NEAR 100% WEIGHT RETENTION
norma
No.20174762
.300 Win Mag
ORYX BONDED 11,7 g / 180 gr
norma
No.20160222
No.20195202
IMPORTER & DISTRIBUTOR:
L&G Group South Africa
Tel: 012 819 78 00/ 7811
Email: infosa@lo-int.com
VISIT US AT WWW.NORMA.CC
norma
DEDICATED TO PRECISION

For your closest stockist,
please contact Brad on 0861-005903

Unique Product Registration No.
A0xxxx
Register @ www.whylo.co.za

Look out for your unique product registration sticker attached to your Swarovski product.

# Z8i

ULTIMATE PERFORMANCE.
*PERFECTLY DESIGNED.*




The Z8i is the new benchmark set by SWAROVSKI OPTIK. You're equipped for every type of hunting with its 8x zoom and outstanding optics. Its slim 30 mm (1.2 in) central tube blends seamlessly with any hunting firearm. The flexible ballistic turret and FLEXCHANGE, the first switchable reticle, offer maximum versatility in every situation. When seconds are crucial – SWAROVSKI OPTIK.

SEE THE UNSEEN
WWW.SWAROVSKIOPTIK.COM

SWAROVSKI
OPTIK

Armand Du Preez
COLLECTION
Exclusive



**BUY DIRECT FROM OUR FACTORY**
**WHOLESALE DIRECT TO THE PUBLIC**

**Klein Karoo Ostrich Couch**
Ostrich genuine leather
Retail: R145 999 • **Wholesale Now R69 800**

**WHEN THE WICKED RULE THE PEOPLE GROAN - PROVERBS 29:2**
**TIRED OF CRIME? JESUS IS THE ANSWER**



**Ostrich Genuine Leather Handbags • Buy Direct From Our Factory**
**Handbags -** Retail R15 000, **Now R2950**
**Slingbags -** Retail R2399, **Now R550**
**WHOLESALE DIRECT TO PUBLIC • 10 YEAR GUARANTEE ON ALL HANDBAGS**

**RSA Tel: 041 922 0477**

179 Caledon Street, Uitenhage, SA | Open Weekdays 8:00am to 5:00pm, Saturday 8:00am to 1:00pm
WHOLESALE DIRECT TO THE PUBLIC - WE DELIVER WORLDWIDE!

**www.furnworldinternational.com**

THE VIEWS AND OPINIONS EXPRESSED IN THIS ADVERTISEMENT ARE SOLELY THOSE OF THE ADVERTISER. IT DOES NOT NECESSARILY REFLECT THE VIEWS AND OPINIONS OF THIS MAGAZINE.

JAGTER HUNTER

TEL: 012-485-9382 FAKS: 012-485-9364
Privaatsak X202, Pretoria, 0001
Xcelpark, h/v Lynnwood- en Roderickstraat,
LYNNWOOD, 0081

**INLIGTING OOR DIE SA JAGTERS- EN WILDBEWARINGSVERENIGING**
Tel: 012-808-9300 faks: 012-808-9344
SAJWV: LEDENAVRAE, Tel: 012-808-9300

**REDAKSIE**

**REDAKTEUR:** Koos Barnard
Koos.Barnard@media24.com
Tel: 012-485-9401
**REDAKSIONELE HOOF:** Chris Burgess
**SUBREDAKTEUR (VRYSKUT):**
Eunia Barnard (Artikelnavrae & taalversorging)
Eunia.Barnard@media24.com
Tel: 012-485-9402
**SUBREDAKTEUR:**
Marisa Beeton (Taalversorging)
Marisa.Beeton@media24.com Tel: 012-485-9350
**UITLEGKUNSTENAARS:**
Marthie van Dyk – Marthie.vanDyk@media24.com
Tel: 012-485-9404 Faks: 086-559-8004
Malinda Craythorne (Advertensie-ontwerp)
Malinda.Craythorne@media24.com
Tel: 012-485-9405 Faks: 086-535-4073
**SEKRETARESSE:**
Patricia Potgieter (Navrae/Administrasie)
ppotgiet@landbou.com
Tel: 012-485-9382 Faks: 086-535-4058
**MEDEWERKERS:**
Herman Jonker
Kassie Kasselman
Cassie Nienaber
Johan van Wyk

**ADVERTENSIES**

**BESIGHEIDSBESTUURDER:** Dirk Lamprecht
012-485-9356 / Dirk.Lamprecht@media24.com
**ADVERTENSIEKONSULTANTE:**
Jacomien Oosthuizen 012-485-9353/082-495-2909
Jacques Boshoff 012-485-9360/ 079-528-8793

**INTEKENARE-NAVRAE:**
Tel: 087-740-1018/Faks: 086-457-5916
E-pos: hunter@media24.com
Webtuiste: www.sahunt.co.za

MEDIA24

**MEDIA24 WEEKLIKSE TYDSKRIFTE**
**HOOFBESTUURDER:** Minette Ferreira
**UITGEWER:** Theuns Venter
**ADMINISTRASIE:** Johan Terblanche
**SIRKULASIEHOOF:** Leonie Volschenk
**SIRKULASIE:** Armand Kasselman
**INTEKENARE:** Elmarie Eygelaar
**HOOF MEDIA24-TYDSKRIFTE:** Ishmet Davidson
**HOOF FINANSIES-TYDSKRIFTE:** Raj Lalbahadur
**DRUKKER:**
Paarl Media Cape, 10 Freedom Way,
Marconi Beam, Milnerton, 7441.
**UITGEGEE & VERSPREI:**
Media24 (Reg. no. 05/038385/06),
Heerengracht 40, Posbus 2271, Kaapstad, 8000

© Kopiereg *SA JAGTER/HUNTER.* Alle regte voorbehou. Menings van medewerkers, rubiekskrywers en korrespondente word nie noodwendig deur *SA JAGTER/JAGTER* onderskryf nie. Die redakteur behou die reg om artikels en briewe te verander en/of te verkort. Die uitgewer aanvaar geen aanspreeklikheid vir die inhoud van advertensies nie.

**SA JAGTER/HUNTER ruil nie advertensiespasie of gunstige redaksionele verslae oor produkte en/of jagbestemmings vir gratis jagte of produkte nie.**

# INHOUD

SA JAGTER/HUNTER | JANUARIE 2018

## RUBRIEKE

**6** In my visier
**8** Bospos – Sê jou sê
**10** Snelvuur
**12** Dooierus –Viva la mamba
**52** Bokspog
**60** Vra vir Kassie

## ARTIKELS

**14** 6.5 Grendel – 'n Bielie van 'n buksie
**Koos Barnard**
**20** Buksie gaan bos toe
**Koos Barnard**
**26** Hoe om QuickLOAD te gebruik Deel V
**Cassie Nienaber**
**30** My .303-pad (al die pad)
**Armand Steenkamp**
**34** Steiner
**Koos Barnard**
**36** Koedoebul!
**Danie Geel**
**40** Pigeon stories
**FX Jurgens**
**44** Mý tipe jaggeweer
**Johan van Wyk**
**48** Jana se jagstorie
**Jana Botha**
**54** Dink voor jy die sneller druk
**Pieta**
**56** Be aware it's snake season

## IN DIE KOL

**58** Swarovski CL Champion
**Koos Barnard**




**VOORBLAD**
Die 6.5 Grendel is 'n Amerikaanse .264"-kaliber waarvoor daar onlangs gewere in Suid-Afrika beskikbaar geraak het.
**MES- EN AMMUNISIEFOTO:** Koos Barnard.


MJ Hood & Associates
ATTORNEYS
PROTECTING FIREARM OWNERSHIP

**EXPIRING FIREARM LICENCES MUST STILL BE RENEWED**

**WE CAN HELP YOU WITH YOUR RENEWAL AND ANY QUESTIONS YOU HAVE**

**We specialise in:**
- **renewal** applications
- assisting you and your family in **obtaining** firearm licences
- **appeals** against the refusal of licence, competency and renewal applications
- declarations of **unfitness** to possess a firearm;
- **experience** in all other matters relating to firearms including **criminal** matters

**MARTIN HOOD**
**Tel:** +27 (0)11 234 7520
**Email:** martin@mjhood.co.za
**Web:** www.mjhood.co.za
LIKE US ON FACEBOOK




IN MY VISIER

# In 'n bosreus se skadu

As die nuwe dag sy kooigoed afgooi en die bosfisante met helder stemme die slaap uit die oggend se oë begin vryf, is dit vanuit hulle toppe wat die son sy simfonie van lig begin dirigeer.

En smiddae laat, as die dag leepoog van al die gewoel na die horison korrel, is dit ook vanuit hul kruine waar die son sy aandsinjaal blaas.

Kremetarte. Die ou reuse wat van toeka af, toe die wêreld nog wankelrig sy voete in die skepping probeer vind het, reeds oor die bos staan en waak het.

Ons was op soek na waterbokke. 'n Enkelspoor het sig-sag deur die mopanies gekronkel, immer in die rigting van 'n reusekremetart. Onder die boom het die spoor rondgetrap... gehuiwer. Ek het gewonder of die bok toevallig hierlangs gedwaal het, of het hy dalk spesiaal kom môre sê? Die ou bosreus het wyd oor die onmiddellike omgewing getroon en ek kon eenvoudig nie dadelik aanstap nie. Ek moes eers hoed afhaal en groet, respek betoon... dankie sê. Waarvoor? Sommer net, omdat dit die regte ding is om te doen.

Die kolossale stam het ons verdwerg. Dik takke, op sommige plekke erg verwrong, het na die blou lug gegryp. Die ou boomlyf was verrimpeld en geplooi. Eeue se waak in wind en weer het duidelike littekens gelaat. Toe ek egter opkyk tot waar die takke teen die hemel beur, het iets my opgeval... blomme het plek-plek skugter lyf gewys.

As die somer kom, begin die ou bosreuse skaam-skaam met mooi wit blomme glimlag. Byna soos 'n jongmeisie wat vir die eerste keer haar prins gewaar, wil ek my verbeel. Die lywe mag dalk oud en verrimpeld wees maar diep binne-in hul harte, soos in dié van 'n vrou, skuil daar steeds 'n skoonheid wat tyd nie kan demp nie.

Wat sou dié ou boom my kon vertel, het ek gewonder. Watter waarskuwings of wyshede was daar om te deel. Ons sal nooit weet nie. Ek het in gedagtes versonke bly staan... dit was lekker om 'n wyle onder die ou majestueuse bosreus te kon staan en my te verbeel ek kan ietsie van die oermisterie van tyd ervaar toe die aarde nog jonk was.

Na 'n paar minute het ek met 'n lekker hart aangestap. Toe dink ek skielik daaraan dat mense gerus ook meer gereeld voor húl oues die hoed moet afhaal om dankie te sê. Die gryses het immers 'n veel langer pad as jy gestap. Hul eelte en plooie mag wel uiterlike littekens van tyd wees, maar in hul binneste skuil 'n fontein van kennis en wysheid waaruit jy kan skep. Groet dus, vertoef 'n rukkie en gesels as jy weer 'n ou jagter of enige ander oue van dae teëkom... dit mag jou dalk net baat.

Mooi loop

Koos




VORTEX
www.VortexOptics.com
Dinner is out there
you just have to find him.
RAZOR GEN II
5-20 x 50
VIPER
6.5-20 x 50
DIAMONDBACK HP
4-16 x 42
CROSSFIRE II
6-24 x 50 AO
For your closest dealer, please call 0861-005903. Proudly distributed in Southern Africa by Whylo Distributors

BOSPOS

# Sê jou sê

E-pos na *marisa.beeton@media24.com*



**WENBRIEF**

## AS DIE KAT WEG IS

Toe hy aankondig dis weer jagtyd, het die aangename vooruitsig om die huis vir sewe dae vir myself te hê, my opgewonde gemaak. Ek het heelwat "goedjies" om te doen!

Liefie vertrek met die Isuzu se bak hoog gepak met padkos, ammunisie, kamoefleerklere, stapskoene, en die Coleman vol vleis ('n mens kan glo nie die pasgejagte gediertes summier afskil en braai nie). Mý opdrag klink heel eenvoudig – sorg dat die kisvrieskas leeg, skoon en gereed is vir die terugkeer.

Na verskeie uitstappies na die winkels en teedrinksessies met vriendinne, leer ek (via YouTube) 'n nuwe verftegniek. Dis een hengse gemors, eers in die kombuis en (toe dit woes raak) darem buite op die grasperk en onder die reuserotsvy by die braaistoep. Die kunswerke raak onbeplan organies, want die verdomde klein vytjies val op die nat skilderwerke. In die aand gebruik die motte my pogings vir landingstroke en die Augustuswinde plak gras en blare tussendeur. Ek pak die kunswerke versigtig onder die dak se oorhang om droog te word (goggas inkluis).

Die volgende oggend hoor ek reën, maar die lug is blou... en sien toe die geiser het die gees gegee – warm water stroom van die dak af en was die verf van die skilderdoeke af tot op die onlangs rooi geverfde plaveisel!

Toe ek my vrieskasverpligting wou uitvoer en die vrieskasdeksel lig, begroet 'n sopperige toneel my. Die kis het oornag ook die gees gegee en 2016 se laaste pakkie waterbok lê in 'n rooierige plas.

Die laaste ding wat 'n mens doen op die tweede dag van 'n man se jagtog, is om hom te vertel sy huis is vol verf, sy stoep is onder water en sy vrieskas het die emmer geskop! Dus laat kom ek die helfte van al die mense wat in Pretoria se geelbladsye adverteer, betaal die skade uit my vakansiespaargeld en swyg soos die graf. Toe manlief uiteindelik uit die gopse weer bel, verlustig ek my amper in sy klagtes dat hy hom doodgestap het, nooit meer braaivleis en bier wil sién nie en weereens besef hoe min hy van 'n solostaalkatel hou.

Maar toe hy aankondig dat hy oorweeg om dalk vroeër terug te kom, is ek vinnig om te troos: "Ag Liefie, jy het só uitgesien na die jag, geniet maar nog 'n daggie met die manne, dalk kry jy die Roland Ward-koedoe platgetrek."

En toe laat spaander ek braaiplek toe om die bewyse van my "goedjies" te gaan opruim. Tot volgende jaar... (Brief verkort.)

**MARINDA SCOTT**

** Marinda wen die Safari Outdoor-geskenkbewys van R500.*

WENBRIEF
WINNING LETTER
R500
GIFT VOUCHER
SAFARI OUTDOOR
www.safarioutdoor.co.za

## ROLAND WARD

Ek is 'n geregistreerde meter by Rowland Ward Ltd. en ek woon in Suid-Afrika.

Almal weet seker teen dié tyd dat Rowland Ward nou vanuit Amerika bestuur word en nie meer uit Johannesburg soos voorheen nie. Alle aansoeke en trofeeregistrasies moet in dollar in Huntington Beach, Kalifornië, betaal word. Die kantoorbestuurder is Carrie Zrelak.

Ek is seker daarvan dat die meeste trofees wat deur Rowland Ward geregistreer word in Suider-Afrika gejag is, so waarom moet ons nou in Amerika gaan registreer en in dollars betaal?

Die tyd het aangebreek dat ons ons eie SA Rekordregister stig en ons eie ding, hier in ons land doen. Ek is ook bewus daarvan dat SA Jagters hul eie metings doen en dat dit feitlik dieselfde is as Rowland Ward. Ons kort net die register.

Kom ons spaar onsself oneindige moeite en doen dit op eg Suid-Afrikaanse wyse.

**ROELOF STEYN**

## ETHICAL HUNTING VS CULLING

Trevor Sparks' letter, *All about ethics* in the December 2017 issue of SA JAGTER/HUNTER refers.

The age-old debate of ethical hunting has always been a bone of contention and it is not my intention to enter into this debate. Trevor's concern relates to the removal of excess animals in eco parks and/or residential estates and the differences between hunting and culling.

The first that comes to mind is the legal aspects of discharging firearms in residential areas. Irrespective whether there are parks in residential estates, if the area is declared a residential area it is illegal to discharge a firearm without the necessary regulatory approval.

If permission was granted for the culling of excess animals the next dilemma to address is whether this can be considered as hunting. Hunting in my opinion happens when the hunter enters a commercial or game farm with the intent of hunting animals in a designated hunting area based on the fair chase principal. Culling, on the other hand, is aimed to reduce the population of animals in a specific area which can either be selective, in order to remove a certain portion of a herd, or indiscriminate to merely remove all excess animals.

In the case at hand the intent was to remove excess animals and the action would therefore be regarded as culling. The methods used to cull can therefore not enter the ethical hunting debate since the intent here is to remove the excess animals – not to hunt in a fair chase manner.

Finally, culling is mostly done by professionals with a profit motive. Irrespective of whether profit is involved or whether carcasses are sold to recover costs, the bottom line is that these professionals are contracted to legally remove the excess.

Hunters striving to prescribe to the ethos of ethical hunting must distinguish between hunting and culling before they even contemplate testing and setting a set of rules.

Culling has its rightful place and is sometimes needed, however it must not be evaluated on the same principals as that of ethical hunting since the methods and outcomes thereof are vastly different.

**ISAK BURGER**

THE FUTURE OF OPTICS

ECM Technologies

CONTACT US FOR YOUR NEAREST DEALER:
Tel: 012 329 4116 • sales@ecmtech.co.za

# SEE THE UNKNOWN...

## with ATN's THERMAL IMAGING products!

ATN's OTS-HD series of thermal imaging cameras provide users with an adaptable and high quality thermal vision solution.




## FEATURES

- RECORD HD VIDEO
- WiFi
- SMOOTH ZOOM
- E-COMPASS
- GEOTAGGING
- OBSIDIAN USER INTERFACE
- BLUETOOTH
- 3D GYROSCOPE




OTS-HD 640 2.5-25x

OTS-HD 640 5-50x

THERMAL IMAGING | NIGHT VISION | HUNTING & TACTICAL | SELF-DEFENCE

See all ATN products and more on:

www.ecmtech.co.za

KORTLIKS

# Snelvuur



## AT-ONE VAN BOYDS

Hierdie gelamineerde houtkolwe van die Boyds-maatskappy in Amerika is nou beskikbaar by Savuti Arms in Brakpan. 'n Wye verskeidenheid kleure is beskikbaar en Savuti Arms verkoop hulle nie net aan die publiek nie, groothandelnavrae is ook welkom.

Die voordeel van die At-One-kolwe is dat hulle vinnig verstelbaar is vir treklengte (die skopkussing kan langer of korter stel). Dan is die wangstuk ook verstelbaar. Die pistoolgrepe en voorlaai kan ook verstel word, maar Savuti het tans nie van daardie modelle in voorraad nie, slegs dié waarvan die skopkussing en wangstuk kan verstel.

SA JAGTER/HUNTER het hierdie kolwe gaan besigtig en gewere gehanteer waarop die kolwe gemonteer is. Ons was beïndruk met die kwaliteit daarvan en hoe vinnig dit kan verstel. Sulke kolwe is ideaal vir skyfskietskuts wat dikwels van posisie moet verander – in sommige skietposisies werk 'n korter of langer kolf beter. Dit is ook geskik vir kinders, dames of enige persoon wat klein van postuur is en nie die gewone grootte kolwe kan hanteer nie. Waar persone van verskillende postuurgrootte dieselfde geweer moet gebruik, werk dit ook uitstekend. Soos 'n kind groei, kan die kolf bloot aangepas word met 'n vinnige verstelling.

** Die kleinhandelprys van hierdie kolwe is R5 500, maar kontak Savuti gerus vir meer besonderhede by 011-915-0138/0145.*

** Savuti het ook 'n groot voorraad koeëls van verskillende fabrikate in voorraad.*




## SAJWV SE OVERBERGTAK VERSKAF DROOGTEHULP

Die Overbergtak van die SAJWV het onlangs besluit op 'n droogtehulpprojek vir boere van die Sutherland-omgewing. Hierdie gebied suig op die oomblik aan die agterspeen ten opsigte van droogtehulpprogramme. Justus Harms, voorsitter van die Overbergtak, sê die projek het ontstaan toe twee bestuurslede besluit het om 'n paar sakke mielies aan Sutherland-boere te verskaf. Essie en Frank Esterhuizen (hulle is nie familie nie) het toe voorgestel dat e-posse aan Overbergtaklede gestuur word om vir donasies – voer of geldelike hulp – te vra. Lede kon ook geld in 'n KaapAgri-rekening betaal, wat goed gewerk het want hulle kon dadelik daarmee voer koop.

Gou-gou was die aantal voertuie wat voer moes aflewer te min en Jimmy's Trailers van die Strand het ingestem om vyf sleepwaens gratis daarvoor beskikbaar te stel.

Baie boere het ook hulle harte oopgemaak en geld of voer geskenk. KaapAgri self het 'n ruim skenking gemaak. Die konvooi, gelaai met verskeie tipes voer, het op Vrydag 24 November om halfagt uit Villiersdorp na Sutherland vertrek. In totaal is 'n besending van 15 ton voer op Sutherland se skouterrein aan die Sutherland Droogtekomitee oorhandig wat die voer onder boere sou versprei.

Vir die Overbergtak was hierdie nie net 'n eenmalige projek nie. Die tak samel al klaar weer voer en donasies in vir die maande wat voorlê en nooi almal uit om deel te word van hul projek.

** Indien enigiemand 'n bydrae wil lewer, kontak Justus Harms gerus by 082-497-4230.*

## PHASA APPROVES CAPTIVE-BRED LION HUNTING

On 22 November the Professional Hunters Association of South Africa (PHASA) approved the hunting of captive-bred lions as a legitimate form of hunting. That is a reversal of a previous decision taken in 2015 when PHASA distanced itself from the captive-bred lion industry.

In reaction to PHASA's vote in favour of the hunting of captive-bred lions at their 2017 AGM, several international and local players in the hunting industry immediately cut all ties with the organisation.

The Operators and Professional Hunting Associations of Africa (OPHAA) have suspended PHASA with immediate effect while BOOKYOURHUNT.com has withdrawn its sponsorship. The African Professional Hunter's Association (APHA) in Tanzania also condemned PHASA's decision and stated that APHA strongly condemns and opposes any form of captive-bred/canned lion hunting.

The Namibian Professional Hunting Association publicly criticised PHASA's decision on their Facebook page, saying it was shocked and deeply disappointed.

Gray Thornton, the president and CEO of the Wild Sheep Foundation in America who has been a staunch supporter of PHASA for years have also informed the organisation that the Wild Sheep Foundation will break its affiliation with and future sponsorship of PHASA with immediate effect.

A coalition group of local "concerned" professional hunters released the following statement: "In the light of the recent acceptance of the shooting of CBL (captive-bred lions) as a legitimate form of hunting by PHASA, we, as a concerned group of professional hunters, distance ourselves completely from such acceptance and no longer view PHASA as the legitimate mouthpiece for professional hunting in South Africa. A new association will be formed in the very near future and will once again reflect the traditions of responsible, ethical and conservation-based hunting in South Africa."

# Republic Arms

77 Auret Street, Jeppe, Johannesburg • P.O. Box 33346, Jeppestown, 2043
Tel: 011 447 6965 • Fax: 086 511 7768 • Cell: 082 568 0219 (Jeff Smale)
Email: info@republicarms.co.za

**ALL ENQUIRIES WELCOME. Contact us for your nearest dealer.**





DOOIERUS

# Viva la mamba

*Deur* HERMAN JONKER

As die garings van sy *camo*-hemp nie so sterk was nie het die knope seker afgespring, so breëbors spog die ou daar op die foto. Hy staan en pronk op 'n jagbakkie se agterklap met 'n dooie mamba waarvan hy die stert hoog hou en die verbryselde kop op die grond lê. Dit lyk of hy wil sê, "Kyk, ek is 'n superheld, ek het die wêreld verlos van 'n duiwelse gedierte!"

Ek kyk, maar al wat ek sien is 'n agterlike ploert wat die natuur minag en jagters se naam krater maak. Of is hy dalk van plan om *chilli bites* te maak van daai mamba?

'n Mens sou hoop dat enigiemand wat kan lees – en boonop toegang het tot 'n heelal van kennis op die internet – teen hierdie tyd darem al uitgekom het by goeie ekologiese begrip en 'n verligte benadering tot slange. 'n Jagter, wat veronderstel is om die natuur te ken en te respekteer, nog meer so. Maar skynbaar is daar nog steeds mense wat vashaak in die donker eeue van bygeloof en oningeligte vooroordeel. Veral as dit kom by 'n mamba.

Die mamba is so beroemd soos Chuck Norris, maar hy was gebrandmerk – net soos die leeu destyds in die tyd van ons voorgeslagte – met 'n slegte reputasie. By die blote noem van sy teenwoordigheid is daar plan gemaak hoe en waarmee hy doodgemaak kon word, want tradisioneel is die doodmaak van 'n mamba beskou as bykans burgerlike plig. Só 'n gifding moet dood! Die enigste goeie mamba is 'n dooie mamba!

Die waarheid is egter dat die mamba geen kwade agenda het nie. Hy is eintlik 'n skugter en ontwykende slang en solank jy hom uitlos en hom sy ruimte gun, sal hy jou ignoreer eerder as konfronteer. Maar dit wil slanghaters nie hoor nie. Hulle besef oënskynlik steeds nie dat reptiele onlosmaaklik deel van 'n biodiverse natuur is nie en hulle het seker ook nog nie geleer dat van die 173 soorte slange in suider Afrika slegs 20 potensieel dodelik is nie. Hulle glo eerder nog allerhande ouvroustories.

Dat die swart mamba 'n formidabele slang is, is natuurlik beslis so. Hy is loshande die koning van ons slange, in 'n klas van sy eie, die witdoodhaai van die bosveld. Hy het 'n teenwoordigheid soos geen ander nie. Jy voel skoon nietig as jy hom sien.

Dis 'n pragtige slang. Slank en grasieus, met 'n lengte van tot 3.6m. (Dit maak hom die grootste giftige slang in Afrika. Elders word hy net oortref deur die koningkobra van Asië.) Sy kleurskakering is subtiel – olyf/loodgrys bo wat oorgaan in 'n witter onderkant. Wanneer hy so rats wegglip is daar 'n elegante skoonheid aan daardie kragtige blink kronkels. Hy beweeg vinnig en soepel, soms met tot 'n derde van sy lyf van die grond af.

Ja, as jy eenmaal 'n mamba gesien het vergeet jy hom nie. Veral nie as hy bykans borshoogte gestaan het nie. Of dit sy houding of daardie gefokusde oog is weet ek nie, maar sy kyk is soos dié van 'n buffel: sonder 'n sweem van vrees of twyfel. En dan is daar nog daardie bek; sinister, fluweelswart binne as hy hom sper om jou te waarsku.

Sy uitdrukking – eintlik seker maar die lyn van sy lippe – is anders as enige ander slang s'n. Iets tussen adellik en moerig, met net 'n sweempie van 'n siniese glimlag vir jou wat so bleek daar staan en bewe. Die vorm van sy kop is ook onmiskenbaar. Kompleet soos 'n doodkis, sê die oumense; die plankregop wange wat so skuins loop na waar daardie gevurkte swart tongetjie die lug so proe-proe.

> Die mambamoordenaar doen niemand 'n guns nie, allermins die natuur. Hy verklap eerder net sy eie vrese en onkunde.


Dat hy dodelik kan wees is 'n welbekende feit. Die spuitnaalde in sy kaak bevat 'n kragtige neurotoksiese gif wat sy prooi se senustelsel verlam en lei tot noodlottige asemhalingsprobleme. Rate soos houtskool eet, die bytplek met 'n vonkpropdraad skok, die gif uitsuig, of snuif en borsmelk in die byt vryf, help nie. As 'n mamba jou gebyt het beteken dit hospitaal toe jaag, in alle haas, met kunsmatige asemhaling wanneer dit nodig raak.

Ruim respek en 'n katvoet benadering is dus heeltemal in orde wanneer jy met 'n mamba te doen kry, maar vrees en fobie is onnodig. Vergeet maar daardie stories van mambas wat jou aanval en jaag. Feit is, mense word selde deur mambas gepik. Ander gevaarlike kalante soos die Mosambiekse spoegkobra, die pofadder en die stilettoslang is vir baie meer slangbyte verantwoordelik. 'n Mambabyt beteken ook nie noodwendig 'n eenrigtingkaartjie bokveld toe nie. Ou swartbek werk spaarsamig met sy gif en hy gee soms slegs 'n droë waarskuwingsbyt of 'n klein bietjie gif. Wanneer hy wel 'n sterk dop bedien is die tydige toediening van polivalente serum heel effektief as 'n teenmiddel. Heelparty slagoffers oorleef in werklikheid sy tande.

Om 'n mamba onnodig dood te maak is dus nie iets om op trots te wees nie. Die mambamoordenaar doen niemand 'n guns nie, allermins die natuur. Hy verklap eerder net sy eie vrese en onkunde.

Die groter prentjie is dat die mamba 'n manjifieke dier in eie reg, en eintlik 'n rare gesig is. Vir enige natuurliefhebber en toeris behoort dit 'n hoogtepunt te wees om só 'n ikoniese Afrikaspesie in sy natuurlike omgewing raak te loop en hom van 'n veilige afstand te kan bekyk en fotografeer. Want al weet hy niks van slange nie en al het hy geen belangstelling in die onderwerp nie, sal daar een slangnaam wees wat hy waarskynlik ken.

Mamba. Die legende.





LYNX

## LYNX LX3 3-12x56 SA Hunter

### Illuminated SA Hunter Reticle

- Aiming points on the reticle make it easy to compensate for distance as well as cross-winds
- Bold reticle lines are easily visible in poor light but are still thin enough for accurate shot placement on small targets

### Parallax Fixed at 150 Metres

- Hunt-accurate aiming from 30 m to 400 m without the hassle of having to focus the scope

### Side-mounted Illumination Switch

- Reticle illumination switches off and on with a single click and recalls your previously-selected brightness setting

### Ample Zero Adjustment

- 60 MOA windage and 60 MOA elevation
- ¼ MOA per click

www.lynx.co.za



Extra low-dispersion glass and the latest anti-reflective lens coating technology delivers a sharp, brilliant sight picture.

011 792 6644

info@lynx.co.za



Die Howa Model 1500 wat vir die 6.5 Grendel gekamer is. Ek het hierdie geweer van Die Koöperasie in Humansdorp gekoop. Dis toegerus met 'n Vortex 2-10x40 Razor Light Hunter-teleskoop.



**LINKS NA REGS:** 6.5 Grendel; 6.5x47-dop; .223 Remington; .243 Winchester en .308 Winchester. Die Grendel is 'n buksie wat oorspronklik ontwerp is vir moontlike militêre gebruik en langafstandskiet met die Amerikaanse AR15-tipe semi-outomatiese gewere.

# 6.5 Grendel – 'n Bielie van 'n buksie

*Deur* KOOS BARNARD

Die Grendel is gewis mossie, maar man...

Dit was liefde met die eerste oogopslag. Toe ek aangooi met die Howa-geweertjie en daarna die 6.5 Grendel se fraaie klein doppie in my hande hou, het ek geweet dat ek dié Howa móét besit.

Daar bestaan reeds soveel goeie kalibers dat dit feitlik onmoontlik is om nuwes, wat beter is, te ontwikkel. Tog word daar gereeld nuwes bekend gestel wat op een of ander manier praktiese voordele bo sekere bestaandes inhou.

**ONTWIKKELING**

Die 6.5 Grendel, wat 'n .264"/6.5mm-koeël skiet (eintlik 'n 6.71mm-koeël), is deels as 'n sportkaliber en deels as 'n moontlike nuwe Amerikaanse gevegskaliber ontwikkel. Met die ontwikkeling van dié buksie is daar gepoog om op die prestasie van die .223 Remington/5.56 NATO te verbeter oor langer afstande. Alhoewel die .223 se trajek platter is, het die Grendel se 6.5mm-koeël van 123gr wat teen 2 500vps gelanseer word, meer as dubbel die hoeveelheid energie (slaankrag) op 600 jaarts





Ek het ladings vir die 6.5 Grendel met die koeëls hiernaas ontwikkel. **VLNR:** 100gr Hornady SP; 100gr Nosler Partition; 100gr Nosler BT; 108gr Lapua Scenar; 115gr Balistix; 120gr Nosler BT; 120gr Sierra Pro-Hunter; 123gr Lapua Scenar.

as die .223 se 69-greiner wat die loop teen 2 957vps verlaat. Op daardie afstand is die windskuif van die 6.5-koeël ook omtrent 12" minder as die .223 Rem/5.56 NATO s'n.

Die voorwaarde vir enige nuwe militêre kaliber is dat dit nie die .223 se totale patroonlengte moet oorskry nie om sodoende in huidige Amerikaanse gevegsgewere se magasyne te kan pas. Die Grendel is spesifiek ontwikkel om in die gewilde AR-15 te pas. Bill Alexander van Alexander Arms, Arne Brennan, 'n kompetisieskut, en later ook Janne Pohjoispää van Lapua in Finland het saam aan die dop-ontwerp gewerk om die 6.5 Grendel se spesifikasies te finaliseer.

Sommiges beweer die 6.5 Grendel is geskoei op die .220 Russian-dop terwyl ander glo dis 'n evolusie van die 6mm PPC wat beide Bill Alexander en Arne Brennan gebruik het. Volgens *Cartridges of the World* en artikels in Amerikaanse publikasies is die 7.62x39 (waarvoor die AK-47 gekamer is) se dop as basis gebruik. Die Grendeldop is dan ook soos die "AK-dop", 39mm lank (eintlik 38.7mm).

Om dit eenvoudig te maak, dink ek ons hou by die aanname dat die 7.62x39 se dop as inspirasie gedien het. Die 39mm lange dop se taps *(taper)* is verwyder om dit 'n vetter voorkoms te gee en die skouerhelling is verskerp om 30° te meet. 'n Kleingeweer-slagdop *(small rifle primer)* word ook gebruik. Navorsing het bewys dat korter, vetter doppe met 'n 30- tot 40°-skouer uitstekende resultate lewer ten opsigte van akkuraatheid en selfs looplewe. Dus word een of meer van daardie kenmerke deesdae in baie van die nuwe kaliberontwerpe gebruik – soos met die Grendel.

Die Grendel is in 2003 bekendgestel as 'n *wildcat*-kaliber. Alexander Arms het die regte op die naam besit, maar daarvan afstand gedoen sodat Hornady in 2009 dié kaliber kommersieel kon bemark as die 6.5 Grendel. Eers was net Lapua-doppe beskikbaar, maar Norma maak ook nou Grendel-doppe.

**KAPASITEIT**

Dopkapasiteit is 33 tot 35gr water en ongeveer 32.5gr kruit (afhangend van wie se literatuur jy lees). Die Grendel (aldus Amerikaanse bronne) is in staat om 100gr-koeëls teen 2 745vps uit 'n 24"-loop te lanseer, 120-greiners teen 2 580vps en 130gr-koeëls teen sowat 2 400vps. Koeëls van 140gr en swaarder word nie aanbeveel nie. Soos looplengtes af- of toeneem wissel die trompsnelhede natuurlik. Arne Brennan gebruik blykbaar Vihtavuori-kruit om 'n 130gr-koeël teen 2 760vps uit 'n 28"-loop te lanseer. Dis indrukwekkend!

Die Amerikaners het 'n hele paar geskikte dryfmiddels vir die Grendel soos Reloader 15, TAC en Benchmark. Vihtavuori van Finland se N130, N133, N530 en N540 werk baie goed, terwyl ons eie S321 en S335 ook nie te versmaai is nie.

Tot sommiges se teleurstelling is die Grendel toe nooit as militêre kaliber aanvaar nie en doen dit deesdae diens as sport- en jagkaliber. Dié buksie se potensiaal is gou-gou raakgesien vir sekere sportaanwendings, en slotaksiegewere is spoedig ontwikkel of aangepas uit bestaande gewere. In Amerika is verskeie semi-outomatiese gewere in 6.5 Grendel beskikbaar en bestaande AR-15 tipes in .223 Remington kan maklik aangepas word met die korrekte loop en bo-metaaldele. Pasmaakgewere gebou op slotaksies is natuurlik ook 'n opsie.

Ek het my geweer, 'n Howa Model 1 500, van Die Koöperasie gekoop tydens die Hunt-Ex-skou in Gauteng in 2017. Hierdie geweertjies, wat beskikbaar is in .223 Rem, 6.5 Grendel en 7.62x39, word op Howa se mini-aksies gebou en is beskikbaar met 20- en 22"-lope – myne het 'n 20"-loop. Soos baie gewere in 6.5-kaliber, is die klein Howa se groefdraai 1 in 8". Dit verseker goeie akkuraatheid »



Só lyk die klein Howa met die aluminiumkolf van Gunwarrior en ook die Picatinny-monteerbasis van dieselfde maatskappy. Hierdie kolf is 'n uitstekende alternatief vir die Hogue-kolwe waarmee die Howas vanaf die fabriek voorsien word. Google Gunwarrior vir meer inligting.




Ek het gevind dis maklik om vir die 6.5 Grendel te herlaai. Ons plaaslike S321- en S335-dryfmiddels werk goed in hierdie 6.5-kaliber. Die Amerikaners laai die Grendel teen hoër snelhede as wat ek gedoen het.

» met lang koeëls soos Lapua se Scenars van 108 en 123gr.

Hierdie Howa-geweertjie is 'n liggewig wat slegs 5.7lbs weeg en 'n totale lengte van 39.5" het. Die treklengte is 13.87" en die Howas word toegerus met Hogue se sintetiese kolwe. Voorheen was dié kolwe van 'n "rubberagtige" materiaal gemaak wat baie fleks, veral op warm dae. Die nuwe kolwe is van 'n veel meer rigiede materiaal gemaak wat akkuraatheid sal verbeter. Ek hou van die Hogue-kolwe, want die handgreep pas my perfek.

Saam met die geweer het ek Redding-vormstukke *(dies)* en beide Lapua- en Norma-doppe gekoop. Die polisie het hulle kant gebring en na 2½ maande kon ek die Howa gaan haal.

Die snellerdruk van my geweer was 'n bietjie swaar, daarom het ek Lance Stevens, 'n gelisensieerde geweersmid van Sasolburg, gevra om daaraan te werk. Lance het ook die voortrek weggeneem en by voorbaat die kroon oor gesny en skroefdraad op die loop gesny vir 'n knaldemper.

Omdat die geweertjie so lig is en die loop so kort, is dit effens onstabiel vir skote uit die vryhandstaanhouding. Daarom het ek die kolf 'n bietjie swaarder gemaak deur Steenvas 100 in die loopkanaal te sit en silikon in die agterste gedeelte van die kolf.

Aanvanklik het ek Lynx-teleskoopmonterings op die Howa gebruik, maar later 'n Picatinnybasis van Gunwarrior gekoop sodat ek teleskope maklik kan ruil indien nodig. Ek het ook een van daardie swart rubbergrendelknoppe oor die Howa se grendelknop geglip. 'n Groot grendelknop maak dinge net soveel makliker as jy die geweer vinnig wil oorhaal.




Die baie klein groepering links is met 100gr Noselr BT-koeëls geskiet. Ongelukkig kon ek daardie piepklein groepering nog nie weer heeltemal ewenaar nie. My geweer skiet ook die 108gr Lapua Scenars baie akkuraat (sien die groepering regs).

Hoekom 'n 6.5 Grendel en nie een van die ander gewilde 6.5-kalibers soos die 6.5 Creedmoor of die 6.5x47 nie?

**EKONOMIES**

Ek het 'n bosveldkaliber gesoek wat op 'n mini-aksie pas en waarvan die geweer lig, kort, bekostigbaar en akkuraat is. Die Grendel is ekonomies om te skiet – dit gebruik bitter min kruit asook kleingeweer-slagdoppe en die loop behoort laglag vir 6 000 tot 8 000 skote te hou. Vir bosveldjag, waar 120m dikwels die verste afstand is waaroor jy skiet, en wild soos vlakvarke, rooibokke, bosbokke, njalas en selfs koedoekoeie op die spyskaart is, is die Grendel kragtig genoeg. 'n Nosler Ballistic Tip of Nosler Partition van 100gr teen so 2 400vps of 'n 120-greiner teen 2 300vps sal voldoende wees.

Die 6.5 Grendel genereer ook bitter min terugskop wat dit 'n plesier maak om af te vuur. So 'n kort, ligte geweertjie is baie handig in ruigtes en jy kan hom die hele dag lank dra sonder om moeg te word. Op my ouderdom is ligte gewere wat maklik hanteer baie aanloklik.

**VOLLE PAKKET**

Ek dink wel dat dié Howa een ontwerpfout het – die magasynknip is aan die voorkant van die magasynkas aangebring en steek prominent uit. Wanneer jy die geweer aan die voorlaai vashou, moet jy versigtig wees om nie jou hand te ver terug te skuif nie anders aktiveer jy die magasynknip en kom die magasyn vry. Ook as jy die geweer oor jou skouer aan 'n band dra, moet jy sorg dat jy nie die magasynknip per abuis aktiveer nie. 'n Mens leer gou om die magasynknip te vermy, maar ek voel tog Howa kon 'n beter plan gemaak het.

Soos julle kan sien, steek die magasyn, wat vyf patrone neem, taamlik ver onder die geweer uit. Dit veroorsaak natuurlik dat die magasyn soms in die pad is as jy die geweer hanteer of sekere geweerrusse wil gebruik. Puriste sal ook glad nie van die magasynkas/snellerbeuelgedeelte en magasyn hou nie, want dis van 'n polimeerplastiek gemaak – duursaam, maar nietemin plastiek! Maar nou ja, vir die prys waarteen ek die Howa aangeskaf het, kan ek nie kla nie en die plastiek bespaar gewig. Die voordele van die Howa-geweertjie weeg vir my swaarder as die kritiek daarteen.

Behalwe vir die kolf met sy blou kamoefleerpatroon het ek 'n swartkleurige Hogue aangeskaf asook 'n aluminiumkolf van Gunwarrior. Met die Gunwarrior-kolf, wat klaar 'n integrale magasynkas/snellerbeuel het (jy gebruik dus nie die plastiekmagasynkas/snellerbeuel soos met die Hogue-kolf nie), is die magasynknip meer weggesteek. Die aluminiumkolf is swaarder as die sintetiese kolwe wat help om die geweer meer stabiel te maak vir vryhandskietoefeninge as jy staan.

Die teleskoopkeuse vir hierdie klein geweertjie was nie moeilik nie. Jy wil nie so 'n buksie ontsier met 'n groot, swaar teleskoop nie. Ek het wel 'n 2.5-15x50 Lynx gebruik tydens die ladingontwikkeling, maar vir jag en algemene gebruik het ek op 'n 2-10x40 Vortex Razor HD LH (Light Hunter) besluit.

Amerikaanse skyfskietskuts gebruik 24"-lope (en langer) en laai die Grendel tot sy volle potensiaal vir langer afstande. Dit was egter nie my doel nie. Ek het 'n kaliber vir die bos gesoek wat kragtig genoeg is vir mediumgrootte wild tot op ongeveer 120m, maar dit moes so min as moontlik vleis mors indien jy lyfskote skiet. En soos genoem, moes die geweer daarvoor kort, lig en hanteerbaar wees.

**KOEËLVOORKEURE**

My aanvanklike plan was om 100gr-koeëls teen 2 400vps te gebruik daarom het ek Nosler Ballistic Tips en Nosler Partitions in daardie gewig aangeskaf. Die Koöperasie het 108gr en 123gr Lapua Scenars geborg. Ek het ook 120gr Nosler Ballistic Tips en Sierra Pro-Hunters gekoop. Hercules Louw het vir my 95 en 100gr Hornady SP's gegee, om te probeer.

Nadat ek vir die eerste keer met die Grendel gejag het, het ek ook monometaal 115-greiners van Balistix Bullets, 'n nuwe plaaslike vervaardiger, getoets.

Die Howa het uit die staanspoor die 100gr Ballistic Tips en die 108gr Lapuas baie mooi geskiet en met die 100gr Hornadys met een lading ook MOA-groepe verskaf. Ongelukkig hou die Howa nie baie van die 100gr Nosler Partitions nie. Lapua se 123-greiners skiet ook MOA-groepe en beide die Nosler Ballistic Tip en Sierra 120gr-koeëls groepeer mooi, veral die Sierras.

Dit was gou duidelik dat die Howa hou van koeëlsnelhede rondom 2 250 tot 2 320vps. Met hoër koeëlsnelhede begin die groeperings oopmaak. Alhoewel ek voor die tyd besluit het dat ek 100-greiners teen 2 400vps »



Ek het die prominente magasynknip aanvanklik as 'n potensiële probleem gesien, maar my vrese was ongegrond (sien teks).


Die mini-Howa se ligte gewig maak dit uitstekend geskik vir dames en kinders wat nie sterk genoeg is om 'n geweer van normale gewig te kan hanteer nie. Verder help die Grendel se minimale terugskop om hierdie kaliber 'n wenner te maak vir oud en jonk.

» wil skiet, moes ek my besluit aanpas. Omdat die 120gr Sierras so mooi groepeer, het ek besluit om liefs met hulle te jag. Later sou ek uitvind dat die 115gr Balistix-koeël teen 2 500vps goed groepeer uit die Howa. Meer hieroor in die jagartikel op bladsy 20.

Sommige papierskieters glo dat die 6.5 Grendel 'n goeie mediumafstand- en selfs 'n langafstandkaliber (maksimum tot 600m) kan wees wanneer dit teen sy volle potensiaal gelaai word. Dis moontlik, maar ek dink daar is beter kalibers as jy verder as 250m wil skiet. Ek moet egter byvoeg dat die 108gr Lapua-koeëls se trajek my verbaas het.

Die Grendel, dink ek, kan baie goed aangewend word vir SA Jagters se Bosveldtabel waar 150m die maksimum afstand is. Dis veral vroue en kinders wat die ligte terugskop van hierdie kaliber en die ligte gewig van die Howa met sy mini-aksie sal waardeer.

## KRUITKEUSE

Vir my ladingontwikkeling het ek S335, S321 en Vihtavuori se N530 probeer. Plaaslike skuts wat belangstel in die 6.5 Grendel sal hul eie ammunisie moet laai, want fabrieksammunisie is nog nie in Suid-Afrika beskikbaar nie. Vir my het S335 en N530 oor die algemeen die beste gewerk. S321 het met sommige ladings groot ekstreme snelheidsverspreidings gegee en die akkuraatheid hiermee was 'n bietjie swakker as met die ander twee kruite. Die 120gr-Sierra Pro-Hunters, gelaai voor 26gr S321, was die uitsondering en het baie goed presteer. Sommige Grendel-eienaars beveel S321 bo S335 aan. Van die drie dryfmiddels het N530 die kleinste ekstreme snelheidverspreiding in my geweer gegee, maar nie noodwendig altyd die beste akkuraatheid nie. Met 24.7gr N530 agter 'n 108gr Lapua Scenar, skiet die Howa teen 2 270vps konstant, week in en week uit, drieskootgroepe kleiner as 15mm op 100m.

S335 het ook goed gewerk en ek het die kleinste groepering nóg (2.3mm vir drie skote) met die Grendel geskiet met 100gr Ballistic Tips voor 26gr S335 (2 278vps). Ongelukkig skiet hierdie lading nie konstant so goed nie, maar dit hou drie skote altyd binne 20mm op 100m.

Norma-doppe gee met dieselfde ladings 'n klein bietjie hoër snelhede (30 tot 50vps) in my geweer. Met die Lapua-doppe is die ekstreme spoedverspreiding egter altyd kleiner. Sien die meegaande tabel vir inligting oor die ladings wat ek tot dusver probeer het.

Ek het glad nie probeer om die ontwikkelaars se aansprake van snelheid te ewenaar nie – vir daardie tipe snelhede het ek ander kalibers. Ek wou 'n ligte boskaliber hê waarvan die loop baie lank sal hou en wat min vleisskade sal veroorsaak as ek genoodsaak word om lyfskote te neem. My geweer se akkuraatheid is in elk geval nie so goed teen die hoër snelhede nie, soos julle uit die tabel kan aflei.

Vir my is die 6.5 Grendel 'n bielie van 'n buksie omdat dié kaliber in die Howa-geweertjie presies is wat ek wou hê vir die jag van mediumgrootte wild in die bosveld. Hierdie 6.5 is ook uitstekend vir papierskiet op korter afstande. As jy die 6.5 Grendel en die .223 Remington se vermoëns met mekaar vergelyk, lyk die Grendel s'n baie goed, maar ek dink daar is beter keuses beskikbaar as jy 'n kaliber se bene wil rek.

(Sien die artikel op bladsy 20 oor die jagveldtoetse met die Grendel).

## LADINGS VIR DIE 6.5 GRENDEL

| KOEËL | GEWIG | DOP | KRUIT | LADING | SNELHEID | GROEPERING/OPMERKING |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Nosler Ballistic Tip | 100gr | Lapua | S335 | 24.5gr | 2 235vps | 24.8mm |
| | | Lapua | S335 | 26gr | 2 278vps | 2.3mm. Konstant onder 20mm |
| | | Norma | S335 | 27gr | 2 418vps | 20mm |
| | | Norma | S321 | 27gr | 2 430vps | 46mm |
| | | Norma | S335 | 28gr | 2 497vps | 28mm |
| | | Norma | S335 | 28.7gr | 2 551vps | 22mm |
| Nosler Partition | 100gr | Norma | S335 | 26gr | 2 316vps | 25.3mm |
| | | Lapua | S335 | 26gr | 2 285vps | 33.4mm – horisontaal |
| | | Norma | S335 | 27gr | 2 480vps | 18mm |
| | | Norma | S321 | 27gr | 2 522vps | 44mm |
| Hornady SP | 100gr | Norma | S335 | 26gr | 2 325vps | 17.8mm |
| | | Norma | S321 | 27gr | 2 482vps | 30mm |
| Lapua Scenar | 108gr | Lapua | S335 | 22gr | 2 000vps | 20mm |
| | | Lapua | VV N530 | 24.7gr | 2 250vps | 10.5mm. Konstant ½MOA |
| | | Lapua | VV N530 | 26gr | 2 420vps | 32mm – vertikaal |
| | | Norma | S321 | 26gr | 2 270vps | 9.3mm. Konstant ½MOA |
| | | Norma | S335 | 26gr | 2 327vps | 22.5mm |
| | | Norma | S321 | 27gr | 2 387vps | 18mm |
| | | Norma | VV N530 | 24.7gr | 2 294vps | 18.4mm. 1x gevuurde doppe |
| Balistix mono | 115gr | Norma | VV N530 | 25.2gr | 2 291vps | 21.5mm (.3mm sprong na lande) |
| | | Norma | VVN530 | 25.8gr | 2 388vps | 47mm (.3mm sprong na lande) |
| | | Norma | S321 | 26gr | 2 315vps | 17.9mm (1mm sprong na lande) |
| | | Norma | S321 | 28gr | 2 500vps | 16.5mm (1mm sprong na lande) |
| Nosler Ballistic Tip | 120gr | Norma | S321 | 25.5gr | 2 231vps | 24mm (vier skote) |
| | | Norma | VV N530 | 25.5gr | 2 297vps | 27.9mm |
| | | Lapua | VV N530 | 25.5gr | 2 288vps | 21mm. 1x gevuurde doppe |
| Sierra Pro-Hunter | 120gr | Norma | S321 | 26gr | 2 286vps | 14.5mm. Konstant onder 20mm |
| Lapua Scenar | 123gr | Norma | VV N530 | 26gr | 2 310vps | 19mm |

# Conquest V6 NEW

# DISTANCE IS NOTHING. OPTICS ARE EVERYTHING.™

**Fast and Precise**
- New Ballistic Turret with Ballistic Stop and multiple revolutions
- ¼ MOA click adjustments on 3-18x and 5-30x, 80 clicks per rotation
- ½ MOA click adjustments on 1-6x24, 80 clicks per rotation

**New Reticle Choices in 2nd Image Plane**
- New ballistic reticles ZBR and ZMOA
- Reticle #60 (fiber optic red dot), Reticle #43, Reticle #6
- All feature fine crosshairs for minimum target coverage

**Made in Germany**
- Extremely reliable internal components
- Precision mechanics
- Flawless operation year after year



**Large, Generous Eyebox**
- Generous and forgiving eyebox
- Large exit pupil
- Fast and easy view of full target and reticle image

**30 mm Center Tube**
- Constructed of aircraft grade aluminum
- Allows for 62 - 103 MOA elevation adjustment for long-range hunting and shooting
- Windage adjustment of 34 - 58 MOA

**Industry Leading Optical Performance**
- 92% Light Transmission
- FL glass for unmatched resolution
- T* coating customized for each lens
- LotuTec® hydrophobic coating
- Excellent target resolution across magnification range

**True 6x Zoom**
- Powerful magnification with true 6x SuperZoom™
- More versatility for close range, mid-range and long-range pursuits
- Available in three high performance models

**Carl Zeiss (Pty) Ltd**
**Tel: (011) 886 9510**
**craig.smith@zeiss.com**
**www.zeiss.com**

# Buksie gaan bos toe

*Deur* KOOS BARNARD

Die oomblik van waarheid... sou Buksie slaag of swoeg?

Toe ek in die Cruiser klim, het ek opgemerk dat my gids, Samson Manengena, sydelings na die Howa-geweer loer.

Ons was dan ook nog nie 100 meter uit die kamp nie toe hy vra: "Dié geweer, skiet hy mooi?"

"Hy skiet mooi Samson," antwoord ek. "Maar hy lyk vir my 'n bietjie klein," laat Samson skepties hoor. "Sal hy 'n rooibok kan platgooi?"


Ek was seker dat Buksie, my nuwe kortloop-Howa wat vir die 6.5 Grendel-patroon gekamer is, 'n rooibok sou kon platgooi. Die probleem was net dat Buksie nog geen getuigskrif gehad het waarmee ek kon spog nie. Hy was nog 'n sawwelyfstadsjapie wat tot dusver net gaatjies in papier geskiet, en dan kamstig-vernaam met die groeperings loop en spog het. Hier agter die Soutpansberg tussen die mopanies en kremetarte sou hy moes uithaal en wys. Daar's nie plek vir jappie sawwelyfies in die Bosveld nie.

Nadat ek die lisensie ontvang het en ladingontwikkeling vir die Howa gedoen is, was die jaar al ver gevorder en jagplek skaars. Gelukkig het Tuba van der Walt van die Ludwigslust Wildplase anderkant Musina tot my redding gekom en goedgunstiglik twee rooibokke en 'n waterbokkoei geskenk sodat ons hopelik ná die jag darem iets op Buksie se CV kon skryf. Tuba en sy vrou Retha is sout-van-die-aarde mense en baie lief vir die veld. Retha het 'n pragboek oor die veldblomme van die Limpopovallei gepubliseer en Tuba se voormalige rubriek, *Pensmis,* in die tydskrif *Wild & Jag* is ook in boekvorm uitgegee. (Lees gerus Tuba se storie, *Dit gaan wild,* in die vorige uitgawe.)

**LIGTE ROERTJIE**

Ek het vir Buksie om 'n spesifieke rede aangeskaf. Iewers op sy reise kom Vader Tyd op jou naam af en dan skryf hy dit in sy groot boek neer. En wéét hy eers van jou, begin hy stadig maar seker jou vlees wegkalwe. Dit gebeur met almal van ons. Jy raak dus lui vir swaar dra en skrikkerig vir goed wat raas en skop. Omdat ek altyd goed beplan (vir jag altans) het ek dus by voorbaat 'n ligte roertjie gesoek wat maklik sal dra as my vlees begin swak raak. Die kaliber moes ook min skop en raas en ekonomies wees om te skiet, want pensioengeld se koop raak gou op.

Sê die antie wat daar by my kook, sy wens net my beplanning met ons aftreegeldjies en ander sake word ook altyd so



Samson Manengena by die tweede rooibok wat ek geskiet het. Die afstand was 121m en die Sierra-koeël het die bok by die basis van die nek en blad getref.



Ek het die volgende koeëls op 75m in 'n *wetpack* geskiet. **VLNR:** 120gr Sierra Pro-Hunter; 120gr Nosler BT; 108gr Lapua Scenar; 100gr Nosler BT; 100gr Nosler Partition en 100gr Hornady SP. Vir die jag het my keuse op die 120gr Sierra geval vanweë dié koeël se akkuraatheid en sy skaflike penetrasie in die *wetpack*. Al die koeëls het meer as 70% gewig behou.

flink en ver vooruit bedink.

Hoe dit ook al sy, Buksie is bedoel vir die bos (vir eendag... en vir nou) as ek op die spore loop van goeters wat nie te groot of byterig is nie. Ek moes nou net van twee dinge seker maak; of Buksie se blaf darem byt het en of die prominente magasynknip waarvan ek in die artikel oor die 6.5 Grendel vertel, nie sou pla as jy die geweer in die veld dra nie.

Bosveldjag beteken skote op kortafstand, by verre die meeste meet nader as 100m en die enkele "langes" nie veel verder as 120m nie. Omdat skietafstande kort is, neig ek om vir die kop of nek te skiet, maar soos almal weet, is dit nie altyd moontlik nie – lyfskote moet soms geneem word. Die probleem met die meeste kalibers is die groot vleisskade wat hulle aanrig met lyfskote op kortafstand.

Verder dra 'n kort geweertjie net makliker in die bos. Baie gewere het 24"-lope en kruip jy in die ruigtes rond, haak 'n lang geweer se loop gedurig aan takke was. Met sy mini-aksie en 20"-loop is Buksie lekker kompak en gly hy deur die bos soos die spreekwoordelike warm mes deur botter.

Voor ek hom aan die genade van die bos kon uitlewer, moes ons natuurlik eers vir Buksie die regte dieet kry. As jou heel verste skote dalk af en toe by 150m draai, hoef jy nou nie mikroskopiese klein groeperings na te jaag nie. Daar is egter altyd mense wat oor jou skouer kom loer as jy 'n skoot aftrek en daarom wou ek 'n kombinasie probeer vind wat die koeëls uit Buksie se keel mooi sou laat bondel op 'n teiken. As jy op 'n vreemde plek jag, wil jy darem die boer gemoedsrus gee dat jou mik en jou skiet dieselfde kol tref.

Om diep penetrasie en goeie koeëlprestasie te probeer bevorder en veral om vleisskade te beperk (én om die terugskop van die Howa tot die minimum te beperk) het ek vooraf besluit op 'n koeëlsnelheid van ongeveer 2 300vps. Gelukkig het die Howa teen daardie snelheid goed gegroepeer met verskeie ladings.

Lapua se 108gr Scenars, Nosler Ballistic Tips van 100gr en 120gr en Sierra se 120gr Pro-Hunters het almal die pyp gerook as dit by akkuraatheid kom. Ek het hierdie koeëls, asook 'n 100gr Nosler Partition en 100gr Hornady SP in nat tydskrifte *(wetpack)* geskiet op 75m en die "wondkanale" vergelyk.

Van almal het die 108gr Lapuas die diepste gepenetreer (29.6cm) maar toe ek die koeël herwin, was dit duidelik waar- »



Hierdie waterbokvers is op 71m geskiet. Die koeël het die naaste bladbeen gebreek, die are waar dit by die hart ingaan verwoes en ons het dit onder die vel van die verste blad herwin. **HOOFFOTO:** Die area waarin die waterbok geskiet is.

» om jy liefs nie daarmee moet jag nie – veral nie uit die stadige 6.5 Grendel nie. Die koeël het glad nie oopgemaak nie, net 'n stukkie van sy neus het afgebreek. Verder was die skag van die koeël lengtegewys platgedruk én die Lapua het oor die laaste 3cm in die *wetpack* getuimel. Hierdie koeël se wondkanaal in die nat tydskrifte was ook die kleinste.

Die 100gr Partition het 25cm diep in die *wetpack* gepenetreer, maar 'n kleiner "wondkanaal" gemaak as die 100gr en 120gr Ballistic Tips wat onderskeidelik 22.4cm en 24.5cm diep gepenetreer het. Ek was egter nie tevrede met die Nosler Partitions se akkuraatheid nie. Die 100gr Hornady het slegs 17.8cm diep gepenetreer, maar goed gewig behou alhoewel die mantel en kern van mekaar geskei het.


My keuse het uiteindelik op die 120gr Sierra Pro-Hunter geval vanweë sy konstante baie goeie akkuraatheid en skaflike penetrasie in die *wetpack*, naamlik 23.3cm. Die Pro-Hunter is 'n bekostigbare, standaardtipe, loodkernkoeël en ek het gehoop dat die lae trompsnelheid van 2 286vps in dié loodpit se guns sou tel.

**EERSTE BOK**

Ons was gelukkig om die eerste rooibokram vroegoggend raak te loop. Hy het reguit na my staan en kyk en ek het uit die staanhouding oor die skietstokke aangelê. Toe die skoot klap, het die rooibok in sy spore neergeslaan. Voor ons nader stap, het ek die afstand gemeet; presies 100m.

Die koeël het by die nekbasis getref, die nekbeen gevang, bo-oor die hart getrek, 'n gat in die een long gemaak en in die grootpens gestop. Slegs 'n gedeelte van die loodkern is herwin en dit het 65.2gr geweeg.

Omdat die bok reg van voor »





In digte bos is die kort Howa-geweertjie baie handig – dit haak nie so maklik aan takke vas nie. Dis ook 'n lekker ligte geweer wat 'n plesier is om te dra.



Een van die talle mooi plekke op Ludwigslust.


PANAMAX
61 Years of Innovation brings you the all NEW Nikko Stirling Panamax range.
THE SCOPE FOR EVERY RIFLE
XTREME WIDE ANGLE FIELD OF VIEW
20% MORE THAN STANDARD 1INCH RIFLE SCOPE
1 Inch Tube
Illuminated
Waterproof
Shockproof
Nitrogen Filled
Multicoated Lenses
LIFETIME WARRANTY
NikkoStirling
OPTICS FOR SPORT, SINCE 1956
WWW.NIKKOSTIRLING.COM



Hier sit Samson by die eerste rooibok wat ek geskiet het. Die skietafstand was 100m. Samson het die klein geweertjie se vermoëns betwyfel, maar na die tweede rooibok het Buksie hom oortuig.



'n Sierra Pro-Hunter saam met die drie koeëls wat ons uit die bokke herwin het. Links is die koeël uit die eerste rooibok, in die middel die stuk mantel uit die tweede rooibok en regs die koeël uit die waterbokvers.

» geskiet is, was daar geen vleisskade nie.

Na 'n paar pogings om bokke onder skoot te kry, was ons hier rondom elfuur gelukkig. Ons het 'n troppie rooibokke in digte bos aan die voet van 'n klipkoppie bekruip en was gelukkig om die ram wat ons in gedagte gehad het in 'n operige deel te verras. Hy het ons gesien, vasgesteek en skuins na my toe gedraai. Hy was duidelik verder as die eerste rooibok en ek het vir 'n oomblik getwyfel of ek moes skiet. Toe die kruishaar se senterkolletjie egter vasskop waar sy nek en lyf bymekaar aansluit, het ek die sneller gedruk. Ook hierdie bok het in sy spore neergeslaan. Die afstand was 121m. Samson was nou oortuig, dié klein geweertjie kán rooibokke platgooi.

Die Sierra-koeël het die nek getref en ook die werwelkolom gebreek. Van hom het ons net die kopermantel herwin en dit het slegs 31gr geweeg. Dis nie die ideale koeëlprestasie nie, maar die bok is in sy spore gedood, so 'n mens kan seker nie kla nie. Dit was egter duidelik dat die Sierra nie werklik bestand is teen groot bene nie, ten spyte van die lae trompsnelheid. Die vleisskade was bitter min.

Ons het die res van die dag sonder sukses na waterbokke gesoek. Vroeg die volgende oggend was ons terug in die veld en nadat ons vir omtrent twee ure die bos te voet deurkruis het, het ek voorgestel dat ons op 'n nabygeleë koppie gaan sit en die bokke met die verkyker soek. Samson het egter 'n ander koppie voorgestel en ons is met 'n sandrivier langs soontoe. Oral was vars waterbokspore. Na goed 'n halfuur op die koppie het ons nog niks gewaar nie en ek het van sitplek verskuif. Skaars 10 minute later sien ek beweging aan die verste kant van 'n rotsknoppie so omtrent 100m van die koppie waarop ons sit. Samson het ook die bokke opgemerk en ons is haastig af na die rotsknoppie toe.

Op die kruin daarvan kon ons die bokke onder ons dophou, maar hulle het in digte bos beweeg en ek kon glad nie skiet nie. Gelukkig het hulle rondom die voet van die lae koppie langs na regs gewei in die rigting van 'n effense oopte. Toe 'n groot vers die opening oorsteek, het ek saggies na haar geroep. Sy het vasgesteek, ek het oor 'n groot rots aangelê en toe die kruishaar op haar blad anker gooi, het ek geskiet.

Ons het die koeël duidelik hoor tref en met die omspringslag kon ek sien die Sierra het die naaste bladbeen gebreek. Samson is soos 'n vlakhaas agter die bok aan en ek was skaars op gelyk grond toe hy iewers voor my uit die bosse roep: "Hierso lê sy!" Die waterbok het 49 van my normale staptreë geval vanwaar sy die skoot gekry het. Ek het die skietafstand van die bok se wegspringspore af na die koppie toe gemeet – dit was 71m.

Toe ek die bok omdraai, sien ek duidelik die halwe nerfaf rekplek op die vel net agter die verste blad (die bok het baie effens skuins gestaan) waar die koeël so amper deur is. By die slagplek is die 120-greiner toe onder die vel van die verste blad uitgehaal. Nadat dit die bladbeen gebreek het, is die koeël deur 'n ribbeen, bo-oor die hart waar dit die groot hartare afgesny het, deur die verste long en tussen twee ribbes deur.

Die vleisskade self was nie so groot nie, maar ek was verbaas oor die hoeveelheid en grootte van die bloedswam wat op beide blaaie aangetref is – dit was meer as wat ek verwag het. Ek het al baie male opgemerk dat die bloedswam groter is die oomblik as die dier 'n ent hardloop voordat dit vrek.

Hierdie koeël het redelik goed bymekaargehou ten spyte van die feit dat dit bene getref het. Die herwonne gewig was 64.2gr of 53.5%. Dit laat my dink dat ek 'n premium-tipe koeël sal kan gebruik ten spyte van die Grendel se lae trompsnelheid. 'n Nosler Partition van 125gr behoort goed te werk. Die voorste kern van die Partition maak maklik oop terwyl die agterste een behoue bly en goeie penetrasie verseker.

Ek het ná die jag die nuwe, plaaslik-vervaardigde monometaal Balistix-koeëls van 115gr getoets en hulle skiet baie akkuraat uit Buksie. Ek dink dis dalk ook 'n uitstekende opsie vir die toekoms. ('n Toetsverslag oor hierdie koeëls verskyn in die Februarie-uitgawe).

### 'N LAASTE WOORD

Om op te som. Gedurende die twee jagdae in die digte mopanieveld het ek my hart finaal op Buksie verloor. Dit is verseker die handigste geweertjie wat ek nóg in die veld gedra het. Die prominente magasynknip waaroor ek my bekommer het, het ook nie gepla nie – daar was nooit 'n gevaar dat ek dit per abuis sou aktiveer en sodoende die magasyn verloor nie.

Buksie het sy vuurdoop geslaag. Die 6.5 Grendel is beslis mans genoeg vir mediumgrootte wild onder bosveldtoestande. Moet egter nie kanse waag met hierdie klein parmant nie – dis nie 'n koedoe- of blouwildebeeskaliber nie.

Die Grendel is kruitgewys ekonomies om te skiet, terwyl die lae terugskop en ligte gewig van die Howa-geweer dit uiters geskik maak vir beginners, kinders of dames.

Nou ja, genoeg gepraat. Verskoon my asseblief... Buksie en die bos wag.


ALLEN®
THE WIDEST RANGE OF SHOOTING ACCESSORIES
20171205 ISS ALLEN RANGE 210X275 SAJ AD
CARTRIDGE HOLDER
FIELD DRESSING KNIFE SET
Allen
Low Profile
SHOOTER'S MUFFS
LOW-PROFILE EAR MUFFS
DAYPACK BACKPACK TIMBER RAIDER
ALLEN ACE SHOOTING VEST
DELUXE BINOCULAR HARNESS
CAMO BUTTSTOCK CARTRIDGE HOLDER
ALLEN CARTRIDGE HOLDER BELT
ALLEN TACTICAL
12' x 54"
CAMO BURLAP
ALLEN CAMO BURLAP 54inch X 12ft
ALLEN BATTALION RIFLE BAG (TACTICAL CAMO, 42inch)
TAKE-A-HIT HOLEY SPINNER TARGET
Available at all participating dealers. Contact Inyathi to locate your nearest dealer.
Distributed by
ISS INYATHI SPORTING SUPPLIES
Tel: 012 808 9911 • info@inyathi.net
Terms & conditions apply. E&OE. While stocks last.

# Hoe om QuickLOAD te gebruik

## DEEL V



*Deur* CASSIE NIENABER

In Deel IV het ons QuickLOAD gekalibreer sodat dit dieselfde spoed bereken as die patrone wat met ons BEGINLADING geskiet is. Na so 'n kalibrasie kan jy voortgaan met ladingontwikkeling, want dan sal QuickLOAD se berekeninge en jou fisiese skiettoetse dieselfde taal praat.

Om met behulp van QuickLOAD akkurate ladings te bereken, moet ek eers iets anders verduidelik wat ons daarvoor nodig het:

**1. KRAGTE WAT OP 'N WAPEN INWERK:**

Tydens die afvuur van 'n skoot word enorme druk en energie (kragte) op die wapen uitgeoefen. Die algemeen aanvaarde teorie is dat hierdie kragte, tesame met wringkrag weens die rotasie van die koeël in die loop, 'n dinamiese buiging of verwringing (ossilasie) van die loop veroorsaak, sodat die punt van die loop in verskillende rigtings wys wanneer verskillende koeëls die loop verlaat – amper soos die voorpunt van 'n lang stywe plastiekpyp maak terwyl dit geskud word. Dit alleen verklaar egter nie waarom een spesifieke lading ewe goed werk vir 'n klomp gewere met verskillende looplengtes en -diktes nie. 'n Kort, dik loop se voorpunt moet tog minder ossileer of vibreer as 'n lang dun loop. Christopher Long was daarom seker dat daar, behalwe bostaande, meer redes is vir koeëlverplasing (die groepering) op die teiken.

Christopher het in 2004 'n teorie ontwikkel wat hy *Optimum Barrel Time* noem, OBT in kort. Jy kan sy volledige teorie hier aflaai: http://www.the-long-family.com/OBT_paper.htm

**2. *OPTIMUM BARREL TIME* (OBT):**

Ek gaan nie hier die hele geskiedenis verduidelik nie, maar tot die punt kom. Dryfmiddelontbranding veroorsaak 'n baie hoë drukspanning *(stress)* wat as 'n energiegolf deur die geweerloop beweeg. Hierdie golf bly binne die loop en kan daarom net tot by die loop se voorpunt beweeg en dan moet dit terug agtertoe. Dink aan 'n balletjie wat binne in 'n toe pyp heen en weer gerol word. So beweeg die spanninggolf in die loop heen en weer, tot die energie uitgewoed is weens onder meer hitte-omskakeling. Hierdie drukspanning is 'n krag wat op die loop uitgeoefen word. Die krag veroorsaak vervorming van die loop, wat beteken dat die loop nouer krimp en wyer ooprek. Hierdie verandering in loopdeursnee beweeg saam met die drukspanninggolf heen en weer deur die loop. Dink aan 'n lang ballon waarom jy jou vingers toeknyp terwyl jy jou hand oor die lengte daarvan beweeg. By jou vingers vernou die ballon, en net buite jou vingers word dit weer wyer, terwyl die effek heen en weer saam met jou hand beweeg.

Hierdie drukspanninggolf bly slegs binne die soliede deel van die loop. Daar waar die loop in die aksie inskroef of 'n knaldemper aan die loop se punt vasskroef, is die loop fisies onderbreek, en daarom word daardie dele NIE vir OBT as deel van die loop beskou NIE.

Christopher se gevolgtrekking is dat jy alles so moet beheer/*time* dat die koeël die loop verlaat wanneer die tempo van vervorming by die kroon konstant is. M.a.w. wanneer die loop se deursnee by die kroon vir 'n tydperk 'n konstante grootte het.

In **Foto 1** is die loopdeursnee by die kroon geraam (*plotted*) teenoor tyd. Die deursnee van die kroon het telkens groter geword met slegs twee tienduisendste van 'n duim (0.0051mm) en kleiner gekrimp met 'n halwe tienduisendste van 'n duim (0.0013mm) elke keer wat die drukspanning die kroon bereik. Dit is in enige taal vrek min, maar tog genoeg om wel 'n invloed te hê op die koeël se vlugbaan.

Die kondisie van die kroon van 'n loop word oor die algemeen aanvaar as baie belangrik vir akkurate skiet. Net so is dit nadeling vir 'n koeël om die loop te verlaat wanneer die kroon rek en krimp, en ons wil dinge so beheer dat die koeël die loop verlaat op een van die horisontale/plat/stil dele tussen die pieke, die deel in rooi omkring. Dit is waar die loopdeursnee by die kroon konstant is. Kom ons zoem in op die deel in rooi omkring.

Ja, in **Foto 2** lyk dit nou heel anders. Steeds is die loopdeursnee by die kroon geraam teenoor tyd. Die skaal vir loopvervorming is egter nou in miljoenstes van 'n duim. Die vertikale lyne links en regs is die bene van die pieke aan weerskante wanneer die loop rek en krimp. Hier sien ons daar is steeds effense veranderings in die loopdeursnee oor tyd. By ongeveer 1.15ms en 1.23ms sien ons egter dat die grafieklyn plat of horisontaal raak. Dit is in die middel van dáárdie plat dele waar ons wil wees, daar waar die loopdeursnee konstant bly.

Christopher het al die gebeure wetenskaplik gemeet en bewyse gelewer oor letterlik duisende skote met 'n groot verskeidenheid kalibers en ladings. Hy het bevind dat die golf teen 'n konstante tempo deur alle lope beweeg en nie afhanklik is van kaliber, dikte of die tipe staal waarvan die loop vervaardig is nie. Die tempo waarteen die golf beweeg is dus konstant vir alle lope. Die tyd wat dit vir die golf neem om deur die loop te beweeg is slegs afhanklik van die looplengte. Hy het vir ons 'n formule gegee waarin jy jou geweer se looplengte invoer, en die formule bereken dan, soos wat die golf heen en weer beweeg, »






FOTO 1



RCBS®




## ROCK CHUCKER® SUPREME PRESS


- Lengthened design allows easy loading of today's longer cartridge designs
- Easy operation, ambidextrous handle, outstanding strength and versatility.
- Rock Chucker Supreme is ideal for beginners and pros alike.





## CHARGEMASTER LITE

- 2-300 grain powder dispense range
- +/-0.1 grain accuracy (0-500 grains)
- Ambidextrous scale pan
- LCD Touchscreen display
- Durable On/Off and Dispense buttons
- Wind Cover
- Powder hopper and quick-drain system
- Built-in bubble level
- Limited One Year Warranty
- 120/240 switching power supply
- EU/UK/AUS compliant


## TRIM PRO® -2 MANUAL CASE TRIMMER KIT

- Designed for .001-inch accuracy
- Coarse and fine trim length adjustments
- Fine adjustment bushing features .001-inch micrometer markings
- Spring-loaded shell holder accommodates case head diameters from .250-inch to .625-inch rims
- Case fit is from the 5.7mmx28 to .338 Lapua Magnum

FORMALITO
SPORTS • ARMS • OUTDOOR

Available at all Premium Dealers countrywide.

www.formalito.co.za • tel: +27 (12) 664 - 7793/4





FOTO 2





FOTO 3

» verskeie moontlike OBT's.

In **Foto 3** is die OBT's van 1.147ms en 1.234ms geplot soos bereken met Christopher se formule vir die 27"-loop waarmee hier geskiet is. Wat kan ek nou meer sê: 'n Perfekte pas van die formuleberekening by die gemete data!

Waarvoor staan die *Barrel Time in Optimum Barrel Time? Barrel Time* (BT) is die tyd, gemeet in millisekondes (ms), wat dit neem vir die koeël om in die loop af te beweeg tot dit die tromp verlaat. Dink 'n bietjie na oor die volgende: Wanneer jy 'n vuurhoutjie trek, brand dit nie onmiddellik 100% volstoom nie, en dit wat jy daarmee aan die brand steek, neem ook 'n rukkie om behoorlik aan die brand te kom. Tydens die afvuur van 'n skoot neem die slagdop ook 'n klein rukkie om mooi aan die gang te kom en die kruit behoorlik te laat brand. Hierdie ontstekingsvertraging van tydsverloop word aanvaar as die eerste 10% van die tyd wat dit neem vir die dryfmiddelontbranding om 100% druk binne die loop te bereik. Hierdie 10%-merk word ook beskou as die oomblik waarop die koeël in beweging kom. Kyk na Figuur 1 in die Somchem-boekie of RDM-handleiding waar bostaande baie mooi verduidelik word. QuickLOAD werk dus ook met 'n BT wat die eerste 10% uitsluit, soos gesien in **Foto 4.**

**3. QUICKLOAD MAAK 'N FOUT MET KAMERDRUKBEREKENINGS**:

Laat ek verduidelik hoekom QuickLOAD dikwels die kamerdruk foutief bereken. Die eerste 10% van die drukkurwe waarvan ons hierbo praat, kan SLEGS fisies gemeet word tydens die fisiese afvuur van 'n patroon in die geweer. Daar bestaan GEEN formule om die tydsverloop vir hierdie 10% akkuraat te bereken of te voorspel nie. Dit is omdat daar net te veel faktore is wat 'n invloed uitoefen op hiérdie 10% ontstekingsvertraging. QuickLOAD bied ook geen opsie om jou slagdopkeuse/hittegraad of die ontstekingsreaksietyd van die dryfmiddel aan te dui, wat ooglopend 'n invloed sal hê op die ontstekingsvertraging nie. Die skepper van QuikLOAD maak dus die een of ander veralgemeende/benaderde skatting van die 10% ontstekingsvertraging.

As toets vir my mening het ek 'n verskeidenheid kalibers en ladings se fisiese laboratoriumgemete resultate vanaf RDM-Somchem verkry. Tydens hierdie toetse meet RDM-Somchem die werklike kamerdruk en gepaardgaande koeëlspoed. Let op! Bostaande resultate is nie berekeninge of afleidings nie, dit is werklik en fisies gemeet tydens die afvuur van 'n skoot en is dus onweerlegbaar waar.

Ek het QuickLOAD soos normaal gekalibreer met RDM se gemete spoed, en QuickLOAD se berekende kamerdruk vergelyk met die werklike gemete kamerdruk. Die gevolgtrekking was dat QuickLOAD die kamerdruk verkeerd bereken/skat met tot ±15%, oftewel 'n totale moontlike afwyking/fout maak van tot 30%. Om dit in perspektief te plaas, die verskil in druk tussen die minimum- en maksimumladings in herlaaitabelle is tipies maar 10%, 3 keer minder as QuickLOAD se potensiële berekende fout. Ek is bereid om hierdie resultate per e-pos aan enigiemand beskikbaar te stel. Hiermee sê ek glad nie dat QuickLOAD nutteloos is nie, inteendeel, ek bly by my standpunt dat dit 'n wonderlike hulpmiddel is vir ladingontwikkeling indien jy dit korrek en binne sy beperkinge gebruik.

**HIERUIT VOLG MY AANBEVELING**

Moet GLAD NIE QuickLOAD se berekende kamerdruk as kriteria vir veiligheid gebruik NIE. Gebruik SLEGS koeëlspoed as kriteria om te bepaal of ladings veilig is, andersins, gebruik werklike en fisiese gemete kamerdruk. Verkry die koeëlspoedkriteria uit herlaaitabelle waarin komponente soortgelyk aan joune gebruik is.

In die volgende artikel gaan ons voort om met QuickLOAD 'n OBT-lading te bepaal. Lekker laai en lekker skiet!

** Kontak Cassie via sy webblad* www.mamba-reloading.co.za.





FOTO 4


Trijicon
Brilliant Aiming Solutions™
ECM Technologies
CONTACT US FOR YOUR NEAREST DEALER:
Tel: 012 329 4116 • sales@ecmtech.co.za
ACCUPOWER®
The Power of Superior Clarity
The Trijicon AccuPower® is a versatile, variable-powered riflescope with an electronic-illuminated reticle. Featuring a high-quality lens system with full multi-layer coatings, the AccuPower® provides an incredibly clear sight picture. The reticle illumination is powered by a single CR2032 lithium battery and has an easy-to-operate brightness adjustment dial with 11 brightness settings and an "off" feature between each setting.
Models: 1-4x24, 1-8x28, 2.5-10x56, 3-9x40, 4-16x50
THERMAL IMAGING | NIGHT VISION | HUNTING & TACTICAL | SELF-DEFENCE
See all Trijicon® products and more on:
www.ecmtech.co.za



Sanger Armand Steenkamp vertel ons van sy .303.



My ou .303 skiet nog akkuraat genoeg om vir biltong aan die haak te sorg. Hierdie gemsbok **(foto links)** het ek naby Olifantshoek in die Kalahari platgetrek op my vriend, Jan, se plaas, Neylan. Ek sit regs op die foto.

# My .303-pad (al die pad)

*Deur* ARMAND STEENKAMP

Toe ek 'n mannetjie van so vyf was, kon ek onthou die ooms in my wêreld het altyd gespog met hulle .303-gewere.

Hulle het die gewere sommer Lemetforts genoem, of dit nou 'n MKI nr 1 of 'n MK4 nr 1 of 2 was. Toe, soos die ooms geleer het van sogenaamde "beter" gewere en kalibers, het die gespog opgehou... maar nie by mý nie.

My .303-pad het by my pa se MKI nr 1 begin. Dis met dié roer wat ek leer skiet het. Eers met die kolf onder my kieliebak vasgeknyp en toe later met die koperplaat teen my skouer. My eerste bok het ek ook met 'n .303 geskiet. Op Lospersplaas by my groot ou maat Nicol Brand. Ek onthou goed die aand voor ons sou gaan jag toe ons na die P14 .303 met sy 4x32 Nikko Stirling-teleskoop met die gebreekte kruishaar gekyk het.

My mond het oopgehang terwyl Eier vir my sê ek moet net effens laag en links korrel met die oorhoekse kruishaar. Ek het


toe so gemaak en my eerste bok het geval! Ek het ook my eerste mooi springbokram met Eier se buurman, Hein Burden, se baie netjiese MKI nr 1 geskiet.

**MY EIE DERTIG-DRIE**

Op 'n dag sit ek en 'n groot vriend, oom Boetie Agenbag van Springbok, en gesels. Hy praat toe dat hy 'n .303 in sy kluis het wat aan sy oorlede pa behoort het. Sy pa het glo net ses skote met die geweer geskiet en toe nooit weer nie (skoongemaak blykbaar ook nie). Ek vat toe 'n kans en sê ek sal hom een-en-'n-halwe springbok ruil vir die geweer. Ons het glasies geklink en die ooreenkoms is bevestig. 'n Paar maande later het ek die wit kaartjie wat alle wapenliefhebbers se harte bly maak in my hand! Toe ek die .303 se slot oopmaak, sak my moed tot in my skoene. Die loop was rooi geroes aan die binnekant. Iemand het ook die roer in 'n *sporter* verander deur die hout van die voorlaai met 'n ystersaag korter te saag. Dié persoon het ook "pasmaak"-teleskoopbasisse op die loop vasgesweis!

Alle geval, ek is terug plaas toe om aan die nuwe yster te werk. Na 'n vreeslike geskrop en geskuur was die loop steeds donker aan die binnekant. Uit moedeloosheid vat ek toe sommer staalwol en draai dit om die lappie en werk hom so 'n paar keer deur die loop. Toe ek na dié verinneweersessie deur die loop kyk, was die lande pragtig blink en die hoekies daarvan mooi skerp, net die groewe was nog effe donker. Dit was goed genoeg vir my.

Ek wou 'n lekker bosgeweertjie maak van die .303 deur die loop korter te sny sodat dit nie aan al wat 'n tak is sou haak as jy deur die veld stap nie. Wat akkuraatheid betref, het ek besluit dat as die roer op 50m met die oop visiere 'n 2"-groep skiet, ek gelukkig daarmee sou wees en sou voortgaan met die projek. So is ek toe af skietbaan toe met vyf patrone – 150gr Sierra Pro-Hunters gelaai voor 38gr S335 in PMP-doppe. Ek het sommer oor die Isuzu se *bonnet* geskiet. By die teiken aangekom, sit die vyf skote mooi in 'n groepering van 48mm. Die projek kon voortgaan!


Selfs my meisie, Hananja, was suksesvol met die ou .303.

Eers wou ek daai besemstok van 'n loop korter laat sny, en gate op die regte plek laat boor vir 'n teleskoopbasis. Ek het gemeen dat 'n looplengte van 20" reg sou wees vir 'n bosgeweer. Die regte lengte is gemeet en ek het dit gemerk (met wat ek geglo het 'n permanente merkpen was) en die geweer in sy sak gesit. Die volgende oggend het ek hom (steeds in die sak) by Pierre Hofmeyer op Vredendal afgegee en vir hom gesê hy moet die loop afsny waar ek die merkie gemaak het op die loop. Ek is toe haastig daar weg om besigheid in die dorp te doen. Ongelukkig was die merkpen toe 'n *whiteboard marker* en het die merk wat ek gemaak het, afgegaan in die sak. Pierre het toe maar gesny waar hy 'n merk op die loop gesien het.

Toe ek die geweer optel, lyk dit kompleet soos een van daardie langloop-rewolwers waarmee die manne deesdae jag. In elk geval, terug by die huis meet ek weer die loop en vind dis darem so 'n knypie langer as 19".

Die eerste skote wat ek toe met dié kortgat skiet, was nogal 'n belewenis. Dit was 'n geraas en 'n geblaas en 'n geskop soos jy net in 'n Steven Segal-aksiefliek sien. Die .303 was sommer lekker parmantig en ek het net daar besluit dat hy maar 'n knaldemper moet kry. My vrinne spot my en sê dat ek tot vir my kettie 'n knaldemper sou opsit as ek kon. Maar dis waar, want al my gewere het knaldempers op, behalwe my .577/.450 Martini.

So is ek toe Springbok toe na nog 'n vriend van my wat knaldempers bou en opsit. Ons eerste probleem was dat die geweertjie só kort is dat my vriend hom nie mooi kon opstel om die draad te sny nie. Ons het maar gehoop vir die beste, maar die eerste poging was toe wel 'n mislukking. Die enigste raad was om die draadgedeelte af te sny en weer te probeer. Al waaraan ek kon dink, is dat ek aan die einde van die dag gaan sit met die heel eerste .303-*snubbie* in die land. Gelukkig het my ou maat se tweede probeerslag gewerk en hy het sommer ook 'n netjiese versinkte kroon gesny.

Terug op die plaas het ek 'n Nikko Stirling GameKing 3-9x40 gemonteer, maar ek het nie rêrig baie moed gehad dat die geweertjie sou groepeer nie. Ek meen, na alles wat hy nou al deur was! Ek glo dat 'n bosveldroer wat op 100m drie skote in 2" kan groepeer, jou pyplekker laat skiet tot op 200m toe. Ek het toe weer die duimsuiglading van 38gr S335 in PMP-doppe met 150gr Sierra Pro-Hunter-koeëls gelaai en afgesit skietbaan toe. Na ek drie skote so mooi as moontlik afgetrek het, het ek na die teiken toe gestap... daai soort stap waarmee jy nie rêrig by die teiken wil uitkom om te sien waar die koeëlgate sit nie.

Ek kon egter nie glo wat ek sien nie: Die drie skote sit 23mm van mekaar! Eers dog ek dit was 'n vloekskoot en het toe nog twee tweeskootgroepies geskiet wat onderskeidelik 27mm en 25mm gemeet het. Sukses!

**TOETS OP KALAHARIWILD**

So gebeur dit dat, toe jagtyd kom, al my ander staatmakergewere by geweersmede was vir herstelwerk. Dis net die nuwe bosroer en 'n 220 Swift wat in my kluis was. Met dié twee roere het ek toe die Hilux se neus Kalahari toe gedruk. Om presies te wees, net anderkant Olifantshoek op die »






Hierdie blesbok het ook voor die ou Engelse roer geval. Nadat ek aanvanklik erg skepties was oor dié ou .303 se vermoëns het ek vandag groot vertroue in hom.

» plaas Neylan waar my groot maat, Jan Gun, boer.

In Upington stop ek en my meisie gou by Wildman om nog 'n laaste paar goedjies te kry en ek koop toe op die ingewing van die oomblik twee pakke 174gr PMP-patrone – net so vir die wis en die onwis.

Die eerste paar dae in die veld was maar moeilik, want die wind het kwaai gewaai. Ek besluit toe om die Swift met sy ligte koeëltjies te bêre en die bosroer uit te haal. Vir interessantheid skiet ek toe die 174gr PMP-patrone oor die chronograaf en vind hulle struikel-struikel maar teen so 2 240vps aan. Gelukkig het hulle uitstekend gegroepeer – die drie gate sny mekaar op 100m. Net daar besluit ek om met die PMP-patrone te jag. Van toe af kry ons die bokke plat met my ou bosroer. Die verste was 'n blesbok op 160m. Die Juffrou (my meisie is regtig 'n juffrou) het ook 'n springbok geskiet.

Ek wou graag 'n groot bok huis toe vat en op die tweedelaaste dag loop ons toe 'n gemsbok raak. Die veld was redelik dig begroeid, so ons het die gemsbokbul in 'n diep erosiesloot bekruip wat gehelp het dat ons 70m van hom af kon kom. Ek het plat op my stêre gaan sit, my elmboë oor my knieë laat rus en aangelê. My skoot het egter effens hoër op die blad getref as wat ek wou hê en die bul het in sy spore neergesyg.

Ek het hom nog 'n skoot agter die kop gegee om seker te maak, want ek het al te veel bokke gesien wat met hoë bladskote geskiet is, wat opspring. Dit gebeur as die skoot net die kambene vang. Dan is die bok "dood" vir 'n paar sekondes, maar spring hy daar op, wys hy jou die hele plaas.

'n Groot bonus van die PMP se stadige koeëlsnelheid is dat, al het ek been getref, die vleisskade min was.

Vriende, hiermee wil ek julle uitnooi... jou kluis is nie volledig sonder 'n .303 nie. Dié van julle wie se .303's net stof opgaar, skuur daai gorragoed uit die loop en laat die roere dreun. Maak vir jou 'n bosgeweer van jou .303. Daar is maniere om hierdie ou roere beter te laat skiet. Daaroor praat ons 'n ander keer.


Caldwell® Shooting Supplies
THE WIDEST RANGE OF SHOOTING ACCESSORIES
SINGLE / DOUBLE CLAY LAUNCHERS
BENCH ELBOW BAG
TARGET PEEL STICKERS
SHOOTING SPOTS
Shooting Spots
Orange Peel
16" Sight-In Target
WIND WIZARD II
E-MAX LOW PRO-FILE EAR MUFFS
AR-15 MAGAZINE CHARGER
AR-15 BRASS CATCHER
DEADSHOT BAG COMBO
BRASS RETRIEVER
LEAD SHOT CARRIER BAG
Caldwell Shooting Supplies
Caldwell BRASS RETRIEVER
Available at all participating dealers. Contact Inyathi to locate your nearest dealer.
Tel: 012 808 9911 • info@inyathi.net
Terms & conditions apply. E&OE. While stocks last.
Distributed by
iSS INYATHI SPORTING SUPPLIES

TOETSVERSLAG

# Steiner

*Deur* KOOS BARNARD

Steiner-produkte het seker geen bekendstelling nodig nie, veral nie Steiner-verkykers nie. Hierdie Duitse maatskappy is in 1947 deur Karl Steiner in die dorp Bayreuth op die been gebring. Sy doel was om ná die Tweede Wêreldoorlog hoëkwaliteit-verkykers aan die sukkelende wêreldmark te lewer.

Ses jaar later het hy 50 werknemers gehad en vandag verskaf Steiner, wat tans deel is van die Beretta-groep, werk aan oor die 300 mense. Steiner is goed bekend vir hul verkykers wat volgens militêre spesifikasies gebou word en hulle verskaf dan ook verkykers aan verskeie lande se militêre magte. Hierdie maatskappy was ook die eerste een om verkykers met makralon ('n rubberdeklaag) te pantser.

Dis 'n welbekende feit dat baie maatskappye wat optiese produkte vervaardig hul lense van een bron koop. Steiner is uniek in die sin dat hulle hul eie lense vervaardig en dus volkome beheer het oor die kwaliteit van die eindproduk.

Soos oral deesdae die geval is, moes Steiner diversifiseer en hulle het in 2012 ook tot die geweerteleskoopmark toegetree. Nodeloos om te sê, dieselfde sorg en kwaliteit wat met die bou van hul verkykers gepaard gaan, word ook by hul teleskoopproduksie aangetref.



Steiner se 10x42 Xtreme Ranger. Dit word verskaf met lensbeskermers, 'n sak en 'n draband.

Ons het onlangs Steiner se nuwe Ranger Xtreme 10x42-verkyker en hul Ranger 4-16x56-geweerteleskoop van nader bekyk. Die teleskoop is op die jagmark gemik en het 'n konvensionele kruishaar (die 4A-i) waarvan die senterkolletjie kan verlig. Ek het die verkyker tydens 'n jag gebruik en ook 'n bietjie voëls daarmee gekyk. Die teleskoop is net op die skietbaan getoets.

Soos julle op die foto kan sien is die Ranger Xtreme met sy groen rubberpantser 'n mooi verkyker, dit blyk solied gebou



Soos die verkyker, is die 4-16x56 Ranger-geweerteleskoop 'n kwaliteit-produk wat jare se goeie diens behoort te lewer.





Let op die rubberflappies wat lig van die kant af kan weghou van jou oë af. Om dit reg te laat indeks hou jy bloot aan om aan die oogstukke te draai as dit uitgedraai is vir gebruik sonder 'n bril. Op die foto links wys ons hoe lyk die Steiner Xtreme met die lensbeskermers in posisie.




Let op dat die stelknop van die teleskoop kloksgewys gedraai moet word om die geweer hoër te laat skiet. Dis andersom met die meeste fabrikate.

te wees en dit het 'n kwaliteit-voorkoms.

Die fokus word deur 'n sentrale stelknop beheer en die diopterverstelling (vir die verskil tussen jou oë) deur 'n aparte stelknop naby die oogstuk van die linkerbuis. Die handleiding sê regterbuis, maar dis verkeerd, dis op die linkerbuis aangebring. Jy stel dus eers die verkyker vir jou linkeroog in sodat die voorwerp waarna jy kyk in skerp fokus is en dan word die sentrale stelknop gedraai om die verkyker in fokus te kry vir verskillende afstande. Die kortste fokusafstand is ongeveer 3m.

Ranger-verkykers kom met rubberlensbeskermers vir beide die oogstukke en die objektiewe lense (groot voorste lense) en die oogstukke is ook van rubberflappies voorsien om lig van die kant van jou oë af te skerm. Dié flappies is egter in die pad as jy 'n bril dra, maar gelukkig kan hulle teruggevou word. As jy die verkyker sonder 'n bril gebruik moet jy die oogstukke uitdraai en die rubberflappies draai dan saam. Om hulle weer reg te oriënteer, hou jy net aan om die oogstuk antikloksgewys te draai totdat die flappie op die regte plek sit. As jy die oogstuk terugdraai, hou jy net aan om die oogstuk kloksgewys te draai totdat die flappie weer reg georiënteer is. Ek moet sê ek vind die flappies onnodig en hinderlik en hou hulle deurentyd in die teruggevoude posisie.

Soos jy kan verwag van enige kwaliteit-verkyker, is die beeldhelderheid van die Steiner baie goed tot op die lense se rande, so ook die resolusie en die kleur – as jy deur sommige fabrikate se verkykers kyk, lyk die kleure half uitgewas en onnatuurlik. Hierdie verkyker is 'n produk wat ek met groot vrymoedigheid aanbeveel.

Alhoewel Steiner nog net vyf jaar geweerteleskope vervaardig, lyk dit asof hulle ernstig is oor dié mark. Die Ranger 4-16x56 wat ons getoets het, het oor die algemeen beïndruk. Ek het wel een puntjie van kritiek – meer daaroor later. Hierdie teleskope is ook beskikbaar in 3-12x56, 2-8x42 en 1-4x24.

Die Ranger met sy 30mm-buis het 'n matswart afwerking en soos gebruiklik by die meeste Europese teleskope, 'n vinnig-verstelbare oogstuk. Soos genoem, is hierdie 'n jagteleskoop en die stelknoppe is dus die gewone laes met beskermende doppies. Daar is 'n stelknop vir parallaks op die gebruiklike plek aan die linkerkant en die kruishaar se verligting-skakelaar vorm 'n integrale deel van die parallaksstelknop.

Elf verstellings vir die intensiteit van die kruishaar se senterkolletjie is beskikbaar en daar is 'n "af"-posisie tussen elke "aan"-posisie. Sommige fabrikate se verligbare senterkolletjies akkordeer nie so goed met my regteroog nie (ek het astigmatisme in dié oog) en ek kry dit nooit mooi gefokus as die liggie aan is nie. Die Steiner is egter een van daardies wat glad nie probleme met my skietoog gee nie – dis duidelik en helder in fokus, selfs teen hoë intensiteit. Ek het ook gevind dat die grootte van die senterkolletjie net reg is, dit maak nie te veel van die teiken toe nie.

Die Ranger se oogafstand is 90mm wat lank genoeg is om te verhoed dat jy lid word van die halfmaanklub as jy dié teleskoop op 'n geweer monteer wat parmantig skop. Teen 720 gram is dit geen liggewig-teleskoop nie, maar dis ook nie uitermate swaar nie.

Iets wat my dadelik opgeval het, is dat die stelknoppe andersom werk as wat met die meeste teleskope die geval is. Om jou geweer hoër te laat skiet, moet jy die stelknop vir hoogte by die meeste fabrikate antikloksgewys draai. Met die Steiner Ranger draai jy dit kloksgewys. Ook die rigtingverstelling werk andersom. Om te stel dat die geweer regs skiet, draai jy die knop ook kloksgewys. Dis dalk iets wat sommige gebruikers wat gewoond is om hul teleskope andersom te stel, onkant kan vang. Elke klikkie stel die trefpunt 1cm aan op 100m.

Die punt van kritiek wat ek het, het te doen met die stelknoppe se verstelling. Die klikkies is nie duidelik hoorbaar nie en nie baie positief of voelbaar nie. As jy dus nie na die stelknop kyk en konsentreer nie, is dit maklik om meer as die bedoelde aantal klikkies aan te stel. Vir 'n jagteleskoop wat op een vaste afstand ingestel is, maak dit seker nie saak nie, maar die meeste skyfskietskuts sal die Ranger se verstelling frustrerend vind. Ek kom agter dat baie jagters ook deesdae vir elke afstand wil stel aan hul teleskope en diegene wat daaraan gewoond geraak het, sal dalk ook aanvanklik sukkel met die Ranger se verstelling.

Ek moet egter byvoeg dat die verstelling vir beide rigting en hoogte akkuraat en herhaalbaar was toe ons dit op die skietbaan op my .223-geweer getoets het.

Wat beeldhelderheid betref kon ek glad nie fout vind met die Ranger nie – hierdie teleskoop se optiese kwaliteit is meer as goed genoeg vir alle ligtoestande waaronder ons in Suid-Afrika skiet. Op my ouderdom (lees my oë se vermoë) is die verskil tussen die helderheid van die Steiner en ander baie duur, topkwaliteit-teleskope vir alle praktiese doeleindes weglaatbaar klein.

Steiner se twee Ranger-produkte het my oor die algemeen beïndruk en ek glo hulle sal jarelange goeie diens lewer. Die Steiner Xtreme 10x42-verkyker verkoop teen ongeveer R10 300 en die 4-16x56 Ranger-teleskoop teen R17 700.

** Inyathi Sporting Supplies is die plaaslike agent en hulle verskaf Steiners landwyd aan 'n wye verskeidenheid geweerwinkels en winkels wat buitelugprodukte verkoop.*

# Koedoebul!

*Deur* DANIE GEEL

Al bly die groot trofeebul jou ontwyk, is elke koedoejag 'n droomervaring.

Die son was vinnig besig om agter die horison te verdwyn, die bosveld voor my stadig besig om in die mooiste oranje te verander – die spreekwoordelike *golden hour*. Die koedoebul het stadig voor my van links na regs gestap en toe hy in die opening inbeweeg, het my regterduim die veiligheidsknip op my Blaser R8 laat afgly...

Laat ek by die begin begin. Ek is vroeg reeds in my lewe blootgestel aan koedoejag. My pa het 'n bul een middag laat op ons jaarlikse pa-en-seun-jag geskiet (ek dink ek was maar 6 of 7 jaar oud). 'n Volgende keer het hy die Saterdagmiddag net voor sononder 'n bul geskiet, let wel nadat al die vleis reeds verwerk en weggepak was. Ons pa-en-seun-jaggroep terg hom nou nog daaroor!


Van kleintyd af was 'n mooi koedoebul een van my gunstelingbokke en ek droom nog steeds om eendag daardie meneerbul van 58"-plus plat te trek.

**EERSTE BUL**

My eerste bul het in 2009 geval op 'n plaas tussen Thabazimbi en die Botswanagrens. Die jag het plaasgevind op een van my pa se gunsteling-plase. Oom John Trollip het toe nog gelewe en dit was ook die laaste keer wat ek hom gesien het. Dis 'n jag wat ek altyd sal koester.

Ons het die middag redelik vroeg op die plaas aangekom en afgepak. Oom John se beste



Danie het hierdie ou koedoebul op 33 treë met sy Hoyt Spyder-boog platgetrek. Dit was 'n uitdagende jag te voet.



Danie by sy eerste koedoebul. Dié bok het hy in 2009 gejag.

spoorsnyer, William sou die middag saam met ons stap (iets waaroor ek baie opgewonde was). My pa het baie stories vertel van William en dat hy baie goed was met spoorsny. Ons het sommer van die plaashuis af gestap en redelik gou al diere raakgeloop. Nie lank nie, toe steek William skielik in sy spore vas. Hy het stadig met sy vinger voor ons gewys en ek kon netnet die skof en nek van 'n koedoebul tussen die takke uitmaak. My pa het die skietstok voor my oopgemaak en ek kon dele van die bul uitmaak deur die teleskoop. Ons het seker vir 'n goeie vyf minute probeer bepaal hoe groot die bul se horings was, maar kon slegs die onderste gedeelte van die eerste draai sien. Na 'n minuut of twee het my pa gesê dat ek die bul moet skiet. Die kruishaar het mooi op sy nek stilgestaan toe ek versigtig die sneller druk. Ek kon die bul reeds sien val met die herstel van die .375 H&H se terugskop.

'n Groot bul het skielik langs die bos uitgehardloop... ek het stilweg gehoop dat my bul ook so mooi sou wees soos die 56”-bul (volgens skatting) waarvan ons nie eens bewus was nie. Ons het stadig nader beweeg en kon met elke tree al hoe meer van my bul sien. Dit was ongelukkig nie daardie grote waarvan elke jagter droom nie, maar nietemin my eerste koedoebul en een waarop ek baie trots was.

**TWEEDE KANS**

'n Paar jaar het verbygegaan voor ek weer gelukkig was om een van hierdie besonderse diere te kon jag. My tweede bul was egter glad nie beplan nie. Ek en twee vriende is na ons Junie-eksamen in matriek (2013) plaas toe om vir 'n paar dae te gaan jag. Ek het 'n rooibok en 'n vlakvark op my boogskietlysie gehad, want ek wou graag my beste vriend, Edwin, help om sy eerste bok met 'n boog te jag.

Ons het die eerste oggend vroeg al begin jag nadat ons die vorige aand sommer in die veld onder die sterre geslaap het. Ek het dit goedgedink dat ons eers 'n bietjie met die Land Rover moes rondry net om vas te stel waar die diere beweeg. Die son was nie eens behoorlik bo die horison nie, toe ons 'n troppie waterbokkoeie in een van die tambotielanings raakloop. Ek en Edwin het afgeklim om te kyk of ons nie een van die koeie in die laning kon verras nie. Ek het my boog ook saamgevat, net vir ingeval.

Ons het stadig deur die laning beweeg maar het ongelukkig na 20 minute geen teken van die waterbokke gewaar nie. Ons wou net terugbeweeg Land Rover toe, toe ek 'n koedoebul ongeveer 110m voor ons gewaar. Edwin moes daar agterbly en wag terwyl ek stadig in die rigting van die bul beweeg. Ek het die wind getoets met my asbotteltjie. Dit was perfek. Die son was besig om agter my op te kom (iets wat in my guns getel het). Die eerste 30 tot 40m »



Danie, Zulu en Louise (Danie se vriendin) by die koedoebul wat hy onlangs geskiet het.

» het redelik vlot verloop. Daar was baie kraaldorings wat onder die tambotie gegroei het en ek kon dit tot my voordeel gebruik. Ek het so min as moontlik na die bul gekyk, want uit persoonlike ervaring het ek geleer dat 'n koedoebul se sesde sintuig hom soms waarsku.

Minute later was die bul 51m ver en steeds nie van my bewus nie. Ek was gemaklik met die afstand, maar die bul het nie plankdwars gestaan nie. Ek wou nie onnodig 'n kans vat nie. Vir 'n minuut het ek doodstil gesit, net om my senuwees 'n bietjie te kalmeer. Elke tree sou nou baie versigtig moes wees. Stadig, met 'n hart wat uit my keel wou spring, het ek tot by die laaste bos voor die bul beweeg. Ses keer moes ek probeer voor ek 'n afstand uit my *rangefinder* kon kry. My hele lyf het gebewe van die bokkoors! My boog se visier het ek na 33 treë toe aangepas en vir 'n paar sekondes diep asemgehaal. Sekondes later het ek my boog gespan en versigtig, suutjies tot op my knieë regop gekom. Toe die pennetjie laag op sy blad vassuig het ek stadig meer druk op my sneller geplaas... die pyl het perfek getref! Die bul het 10 treë gedraf en neergeslaan, weer opgestaan en minder as 20 treë verder vir die laaste keer gaan lê.

Ek kon dit nie glo nie! Na die skoot het ek gebewe soos 'n riet, selfs Edwin wat die hele jag- en bekruiptog dopgehou het, het bokkoors gehad. My bul was heel waarskynlik in sy laaste winter en dit was 'n bonus wat dit net nóg lekkerder gemaak het om hom te kon jag.

### DERDE KEER

Maar nou eers terug na die begin... Die jag van my derde bul was weereens ietwat onverwags. Ek, my meisie Louise, sussie en ma is die Donderdag al vroeg plaas toe. My pa sou die Vrydagaand na werk by ons aansluit. Met hierdie jag het ek gehoop om my eerste dier met my nuwe geweer te kon jag.

Ek en Louise is laatmiddag by die huis weg om 'n skemerkelkie by een van die damme te gaan drink. Reeds vroeër die dag het ek een van twee baie spesiale koedoebulle bekruip. Albei hierdie bulle het ek vir meer as drie jaar dopgehou en kon beide reeds met die boog uit 'n *treestand* geskiet het as ek wou. Dit het egter net nie reg gevoel om so 'n mooi bul op so 'n manier voor te sit en te skiet nie.

Die son wou-wou al begin sak en ek het nie regtig rondgekyk vir diere nie. Ons was nog 'n kilometer van die dam af toe my oog 'n donker voorwerp aan ons regterkant vang. Ek het stilgehou en toe net onmiddellik geweet dat dit een van die twee bulle was. Met die R8 uit die geweersak gehaal, het ek 'n patroon in die kamer gestoot en die veiligheidsknip opgedruk. Die bul het rustig weggedraf, maar ek het geweet hy sou nie ver gaan nie. Buitendien het ek geweet presies waarheen hy op pad was. Ek het hom afgesny en (gelukkig voor hy my kon sien) agter 'n groot raasblaar gaan hurk. My hart het weereens in my keel geklop en ek kon voel hoe my keel al hoe droër word. Stadig het ek opgestaan, dooierus teen die stam van die boom gekry en begin soek vir moontlike oop skote. Die veld was redelik oop op daardie spesifieke gedeelte van die plaas, maar daar was steeds 'n hele aantal bome, so ek moes versigtig wees vir lastige takke.

Die bul het van links na regs beweeg – 'n gesig wat ek vir baie jare wil onthou. Die laatmiddagsonstrale het sy lyf laat blink en hy het elke keer net sy kop agteroor laat sak voor hy onder bome deurbeweeg. Ek het die veiligheidsknip versigtig afgedruk en gefokus om my asemhaling onder beheer te kry. Hy het vir 'n sekonde of twee in 'n opening gestop, maar weer begin stap nét toe ek die sneller wou druk. Voor die bul was 'n groot opening voordat hy in 'n ruigte sou verdwyn. Dit was my laaste kans, het ek geweet. Ek het die teleskoop se vergroting verander na 8x toe en angstig gewag dat die bul sy verskyning 130m voor my in die opening moes maak...

Die skoot uit die .375 H&H het die stilte verbreek en ek het geweet dat die bul nie ver sou kom nie. Ek het hom dopgehou tot waar hy na sowat 40m neergeslaan het. Toe het ek Louise geroep om die John Deere Gator nader te bring terwyl ek na die bul toe gestap het en my sussie oor die radio laat weet dat sy Zulu, my Beagle-jaghond moes bring. Hy is nog besig om te leer, maar is klaar 'n klein yster op 'n bloedspoor.

Ek het 'n tydjie net by die oubaas gesit en die oomblik ingeneem. Hierdie was 'n pragtige bul, sy horings net onder 50", maar een wat ek vir die res van my lewe gaan onthou. Buitendien, 'n jag se sukses word nie gemeet in duime nie.

Daardie aand het ons vir 'n goeie twee ure gesukkel om die bul (wat 170kg uitgeslag het) te laai. Louise en my sussie, Monique, het hulle alles gegee, maar ek en ou Jakob, wat ook al by 60 jaar trek, kon hom net nie lig nie. Na 'n groot gesukkel het ek hom later met die Land Cruiser se wen-as (*winch*) tot op die waentjie getrek.

'n Koedoebul is 'n dier wat 'n sagte plek in die meeste jagters se harte het. Dit is 'n voorreg om hulle te jag, al is dit 'n vleisbul in die Oos-Kaap. Ek sien al klaar uit na my volgende kans om een van hierdie pragdiere te jag en hopelik, met 'n bietjie geluk, sal ek my droombul eendag raakloop...



Van links na regs: Monique, Jakob (die voorman) en Louise. Na 'n lang gespook en gesukkel is die bul gelaai. Op die ou end is die koedoe met die Land Cruiser se wen-as tot bo-op die sleepwa gesleep.




# WESTVAAL MOTOR GROUP

**WE BUY CARS • TRADE-INS WELCOME • MORE THAN 500 SECOND-HAND CARS TO CHOOSE FROM**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| BARBERTON: | +27 13 000 8624 | MALALANE: | +27 13 790 0214 | SECUNDA: | +27 87 727 7550 |
| BOTHAVILLE: | +27 87 727 7152 | MASHISHING: | +27 13 000 8604 | SOMERSET WEST: | +27 21 000 8639 |
| BRITS: | +27 12 000 8623 | MOKOPANE: | +27 15 000 8625 | STELLENBOSCH: | +27 21 000 8622 |
| JACARANDA: | +27 12 000 8612 | NELSPRUIT: | +27 13 000 8616 | WELKOM: | +27 87 724 8056 |
| KLERKSDORP: | +27 18 000 8624 | POLOKWANE: | +27 15 000 8624 | WHITE RIVER: | +27 13 000 8625 |
| LICHTENBURG: | +27 18 000 8616 | POTCHEFSTROOM: | +27 18 000 8631 | | |
| MAHIKENG: | +27 18 000 8610 | RUSTENBURG: | +27 14 000 8619 | | |

10033/55699 ADMAKERS.COM



Johan, Wouter and Jaco with the day's bag.

# Pigeon stories

*By* FX JURGENS

For the sheer joy of shooting, nothing beats an outing for pigeons.

We were crouching behind the hide with eyes eagerly scanning the early-morning sky. In front of us one of the decoys' wings were rotating slowly in the breeze. From our right we could hear the sound of wings – two red-eyed doves (*grootringduif*) were fast approaching. They turned slightly into the wind over the decoys, losing altitude. Jaco and I stood up at the same time, lifted our guns, and fired. One of the doves fell to the earth in a puff of feathers. We had both aimed at the same bird...

Johan, Jaco, Wouter and I were hiding on the edge of a recently harvested maize field. We had erected a simple hide by stringing hessian between two poles. The edges were anchored to the ground with tent pegs. Jaco and I were sitting behind the hessian while Johan and Wouter were standing in the shade of two thorn trees to our right. The hide was not particularly well camouflaged but the colour of the hessian was similar to the winter grass next to the field. It was more to hide our silhouettes and prevent the



pigeons from seeing movement when we moved and mounted our guns.

We had placed nine shell decoys and two with rotating wing in a large U-shape, facing the wind, about 20m from the hide. The wind causes the decoys' "wings" to spin which will hopefully attract the attention of high flying birds.

#### INCOMING

The maize field was next to a game camp and the doves flew from this natural area into the field. The birds were mostly red-eyed doves but occasionally large flocks of rock pigeons (*kransduiwe*) would also appear. Like a squadron of Second World War bombers, the rock pigeons would come charging in. Their agility and turn of speed was a pleasure to watch and made them very difficult to shoot. Pigeon shooting, in my opinion, is the most challenging type of wingshooting in the world and despite my best efforts I would miss regularly.

We had chosen our site well and the flight line produced many shooting opportunities. The birds came from our front »







**1.** Waiting for the pigeons behind the makeshift blind.

**2. FROM TOP TO BOTTOM:** The Brno, Franchi, Beretta and SP Woodcock.

3. The two different kinds of decoys we use during pigeon shoots.



» and back and often crossed in front of us. Approaching us, a group of rock pigeons flew right over us; I blocked the last bird out with the barrel of my gun and pulled the trigger. The bird's momentum carried it past the blind and it hit the earth behind us with a thud. The sounds of shots regularly filled the air... I watched Wouter connecting with a pigeon that crossed from left to right in front of him.

All of us, except Jaco, who stuck to his faithful Brno side-by-side, were using over-and-under guns. I used my Franchi Feeling Steel and Johan his Beretta Silver Pigeon. Wouter had his ATA SP Woodcock, a beautiful light and fast gun that floats to the shoulder and seems to follow the pigeons as if it has a life of its own. But at only 2.8kg the recoil from the ATA was noticeable. I fired a number of shots with it but then happily returned to my heavier Franchi. I think the Woodcock is perfect for carrying all day when in pursuit of spurfowl, but for high volume shooting this lightweight 12ga is a challenge to handle.

#### WHERE TO START

Whilst sitting in the hide I thought about pigeon shooting. I am sure that most South African wingshooters started their bird hunting by shooting pigeons and doves over crops. My first wingshooting experience was when Jaco invited me to a pigeon shoot on his uncle's farm. After many shots and a bruised shoulder, one laughing dove (*rooiborsduif*) was all I could show for my efforts. I got hooked on wingshooting after the success on that single bird. For the sheer joy of shooting, nothing beats the experience of going after fast flying pigeons. I have hunted them over mealies, sorghum and sunflowers. With large tracts of farmland in South Africa we are blessed with excellent pigeon shooting opportunities. Many farms are close to large cities, making it possible for many people to enjoy a quick morning or afternoon session of pigeon shooting.

Relying solely on the natural flight paths of the birds is good but decoying brings another element to pigeon shooting that is a lot of fun. I bought my decoys over the internet from Decoying South Africa. The shell decoys arrived within a few days at my local post office and these, painted in rock pigeon colours, really work well. On this shoot (as on previous occasions) I was surprised to see some birds actually landing among the decoys.

When using decoys, please take note of where you put them, especially when securing them on top of sorghum or other plants. I have lost some after they had come loose and dropped to the ground – in a sorghum field all the plants look the same. A decoy I have never had the pleasure of using, is the so-called pigeon magnet. It works with a battery, has "flapping wings" and apparently works better than the other types of decoys.



The hessian "curtain" provides ample cover while you wait for the birds to fly within shooting distance.

Gun safety is a vitally important aspect of pigeon shooting. To fool the good eyes of pigeons, many hunters wear camouflage clothing. This is a good idea but please bear in mind that a well camouflaged person might also be less visible to the human eye. Therefore it is important for every shooter in the party to know exactly where the others are positioned.

Shooters should also not change position without letting everybody else know about it. And please remember your eye and ear protection. Ammunition loaded with No 6 or even No 5 pellets are probably best for pigeon shooting – especially when the tough rock pigeons are on the menu. However, due to availability and cost many South Africans use No 7s.

#### A GOOD FINISH

As I watched, Jaco dropped another bird. Our decoy pattern was by now supplemented with the birds we had shot. Lunch was approaching, our ammo supply was running low and our shoulders were becoming tender. Despite it only being late morning we had already collected our bag limit of birds. We thus decided to call it a day.

It was our last shoot of the season – when the next season starts we will be back. Trying to minimize the damage caused to crops by pigeons not only helps farmers but is also great fun and those fast flying birds present challenges that will improve your shotgun skills... if you go after them regularly.



Decoys are excellent lures – we always use them on pigeon shoots.


BLACKVIEW NOU AMPTELIK BESKIKBAAR IN SA
Blackview
VIR ENIGE TIPE LEEFSTYL
'n Ekstra taai slimfoon om saam te neem op enige avontuur, oor enige terrein.
VANAF R1 595
BV7000 PRO/ BV7000
BV6000/BV6000s
BV8000 PRO
ANDROID 7
ANDROID 7
ANDROID 7
IP68
IP-68
Zero
EKSKLUSIEF BESKIKBAAR BY GEMAGTIGDE BLACKVIEW-HANDELAARS
BLACKVIEW STEL BEKEND: DIE KLEINSTE GEHARDE SLIMFOON!
STEL DIE AFRITOUGH ALERT-APP GRATIS OP DIE PROEF AS JY 'N BLACKVIEW-SELFOON KOOP. STUUR 'N SMS EN WAAR JY JOU BEVIND NA 5 NOMMERS MET DIE DRUK VAN 'N KNOPPIE.
AFRITOUGH Outdoor Mobile
GET IT ON Google play
Tel. 012 88 00 531
info@blackview.co.za
www.facebook.com/BlackviewSA
www.blackview.co.za

# Mý tipe jaggeweer

*Deur* JOHAN VAN WYK

Jou staatmakergeweer word jou hartgeweer wanneer hy jou onder strawwe omstandighede nie in die steek laat nie...

Ek veronderstel ons het almal ons persoonlike voorkeure as dit by die keuse van 'n jaggeweer kom. In baie gevalle word ons keuses bepaal deur omstandighede, soos byvoorbeeld die Mpumalanga-wildboer wat nie te lank terug nie vir my vertel het dat sy ideale jaggeweer (wat hy na baie lank se spaar uiteindelik kon bekostig) 'n Sako TRG in .338 Lapua is, toegerus met 'n Nightforce-teleskoop. Wel, as ek my eie hoëveldse plaas en eie wild gehad het sou ek waarskynlik ook vir so 'n tipe geweer kans gesien het.

Ek moet bieg dat ek oor die jare al verskeie jaggewere besit het en weer verkoop het. Hierdie koop- en verkoop-gene het ek waarskynlik van my pa geërf, want hy het ook gedurig jaggewere aangeskaf en weer verkwansel. Oor sommige gewere wat ek verkoop het, is ek spyt maar die meeste van hulle mis ek nie regtig nie en almal het goeie huise en tevrede eienaars gekry. Die laaste paar jaar jag ek meestal met 'n geweer wat nogal diep onder my vel ingekruip



INSETSEL: Johan en Graeme Wright van Australië (regs) met 'n jong blouwildebeesbul wat voor die Kimber geval het. Een skoot vanaf die rantjie in die agtergrond was genoeg om die bul op die plek te laat neersyg.



**HOOFFOTO:** Die skrywer by 'n trofeeblesbokram wat hoog in die Malutiberge gejag is. In terrein soos hierdie waardeer 'n mens nogal 'n liggewig jaggeweer.

het en wat ek nie sommer sal verkoop nie.

Dis 'n geweer wat sterk op pad is om 'n hartgeweer te raak en een waarmee ek nog net goeie resultate gehad het. Die storie van hoe ons by mekaar uitgekom het, het 'n aanloop maar ek sal probeer om te hou by die hoogtepunte.

**EERSTE GEWERE**

Die eerste geweer wat ek met swaarverdiende geld gekoop het, was 'n tweedehandse Steyr Model M .30-06. Dié geweer was in uitstekende kondisie en besonder akkuraat, maar ek kon net nooit vatplek kry aan die magasyn en ander onderdele wat van plastiek gemaak is nie, so die Steyr het sommer gou 'n nuwe baas gekry. Die tweede roer wat oor my pad gekom het, was 'n goed opgepaste FN de Luxe, ook in .30-06 en ek en die FN het baie jare saam die bos- en vlaktepaaie gestap. Dit was vir lank my enigste jaggeweer en ons het mekaar eventueel baie goed verstaan, tot so 'n mate dat 'n hele paar van my vriende met alle mag die geweer by my wou koop. Ek het egter sterk gestaan – tot die dag toe 'n pragtige pasmaak-7x64 Brenneke my aandag afgelei het!

Net soos met die FN .30-06 het ek en die Brenneke goeie tye saam gehad. Dit was 'n pragtige geweer, maar hy het nooit my hartsnare geroer soos die .30-06 nie, en nadat ek eendag amper 'n fiasko beleef het met 'n rooihartbeesbul, was dié haastige 7mm ook bestem vir 'n nuwe baas.

Die .30-06 was oor die jare vir my, by gebrek aan 'n beter uitdrukking, 'n baie gelukkige kaliber. My eerste gemsbok, blesbok, swartwildebees, springbok en bosbok het almal voor die .30-06 geval en ek het net goeie herinneringe van my tyd in die veld met hierdie kaliber. As gevolg hiervan was ek dus vasbeslote om die 7x64 weer met 'n .30-06 te vervang en my keuse het destyds op 'n nuwe Winchester Model 70 geval. Soos dit egter soms gaan, was daar destyds nêrens 'n nuwe Winchester .30-06 in die land beskikbaar nie en orals waar ek navraag gedoen het, was die antwoord dieselfde: "Ons wag vir voorraad, Meneer."

**SOEKTOG BEËINDIG**

Behoorlik radeloos het ek eendag by Zimbi in Pretoria ingestap en navraag gedoen oor wat hulle in .30-06 beskikbaar het. Met die eerste geweer wat die verkoopsman vir my aangegee het, het ek my amper vervies: die roer het meer soos 'n .223 as 'n .30-06 gevoel en ek het mos gesê ek soek 'n .30-06! Wel, groot was my verbasing toe ek by nadere ondersoek agterkom dat ek wel 'n .30-06 in my hande hou en nogal 'n pragstuk daarby.

Die betrokke roer is 'n Kimber 84L Classic Select, en sonder teleskoop weeg hy 'n skamele 6lb. Die loop daarvan is 'n vlieggewig van 24", die kolf van uitsoekgehalte okkerneuthout en die greepkap is van staal. 'n Stukkie swarthout rond die punt van die voorlaai af en 'n soliede, swart skopkussing voltooi die kolf aan die agterkant. Netjiese ruitwerk op die greep en voorlaai sorg vir die finale afronding. Die metaal is mooi dof geblou en die aksie, wat amper op 'n druppel water soos 'n mini voor-1964 Winchester lyk (kompleet met 'n smal, dog effektiewe Mauser-tipe uittrekker) is toegerus met 'n baie goeie, verstelbare sneller en drieposisie Winchester-tipe veiligheidsknip. Die hele pakket het my van die eerste oomblik af beïndruk en dit was duidelik dat die Kimber ontwerp is om 'n volbloedjaggeweer te wees.

My gunsteling-manier van jag is om vroegoggend 'n geweer oor die skouer te gooi en stil-stil teen die skraal windjie in te stap, in afwagting van wat die dag dalk mag inhou. Toe ek die Kimber vir die eerste keer in my hande hou, het die gedagte by my opgekom dat dit by uitstek 'n stapgeweer is. Nodeloos om te sê, die transaksie is sonder aarsel beklink.

Ek het 'n Zeiss Conquest 3-9x40-teleskoop op die geweer gemonteer en afgesit skietbaan toe. As gevolg van die dun lopie het die geweer se akkuraatheid nou nie juis vergelyk met dié van 'n dikloop-kompetisiegeweer nie, maar ek kon met reëlmaat die eerste drie skote uit 'n koue loop onder 'n duim hou op 100m – heeltemal aanvaarbare akkuraatheid vir 'n jaggeweer op my verkose skietafstande.

Die Kimber was min of meer ewe akkuraat met beide 165- en 180gr-koeëls. Aangesien ek vroeër meer wild met die swaarder koeëls uit my FN .30-06 gejag het, het ek op hulle gestandaardiseer en dieselfde met die Kimber gedoen – hoofsaaklik Nosler Partition- en later Swift Scirocco-koeëls. Nadat ek twee blikke Hodgdon 4350-dryfmiddel in die hande kon kry, het die Kimber .30-06 se ster selfs helderder begin skyn. Met behulp van dié Amerikaanse dryfmiddel kon ek gemaklik die 2 800vps-merk verbysteek met 180gr-koeëls, en dit is die kombinasie wat ek sedertdien in die Kimber gebruik. Alles wat ek tot dusver met hierdie kombinasie geskiet het, het min of meer in hulle spore geval en ek kon nog nie 'n enkele koeël herwin nie.

**MY STAATMAKER**

Die eerste bok wat ek met die Kimber geskiet het, was 'n mooi koedoebul wat 'n oomblik te lank getalm het om 'n oopte oor te steek. Die 180gr-koeël het getref waar ek gemik het en die koedoe was in die slagkamer. Hierna het 'n rooibok en 'n paar swartwildebeeste gevolg en die myle wat die ligte geweertjie gemaklik oor my skouer gehang het in die veld, het stelselmatig meer en meer geword.

In 2016 het ek die Kimber vir amper 'n week lank in baie ruwe terrein in die Noord-Kaap gedra. Dit was 'n plesier om hom oor die skouer te gooi en »



Johan se liggewig Kimber Classic Select .30-06 waarna in die artikel verwys word. Die geweertjie weeg net meer as 6 pond, is 'n plesier om te dra en skiet mooi akkuraat – al die vereistes van 'n goeie jaggeweer, volgens sy eienaar.






Let op hoe klein (amper tingerig) die Kimber se slot is (bo) in vergelyking met dié van 'n M98-Mauser. Die Kimber-slot het egter genoeg staal in die regte plekke om te verseker dat dit sterk genoeg is.

» amper van hom te vergeet. Toe die oomblik van waarheid egter aanbreek, het die Kimber sy kant gebring en 'n mooi blouwildebeesbul omgedop wat oor die 200m ver op 'n vlakte vir my gestaan en kyk het. Wian, een van die gidse wat my vergesel het, het na die tweede dag beleefd gevra met watse kaliber ek jag. Toe ek noem dis 'n .30-06 het sy mondhoek vir 'n oomblik skeef getrek, maar toe ek die liggewig Kimber aan hom oorhandig, het sy oë gerek. Die geweer het nie teleurgestel nie!

In 2017 het ek 'n Australiese vriend, Graeme Wright, vergesel op 'n jagtog in Natal. Graeme wou nie die moeite doen om 'n geweer al die pad van Australië af saam te bring nie en my .30-06 is dus ingespan. Die eerste bok wat die knie moes buig, was 'n pragtige njalabul wat in sy spore neergeslaan het toe die skoot klap. Hierna het 'n blouwildebees op redelike lang afstand gevolg na 'n lang bekruiptog oor 'n oop vlakte. Graeme het mooi dooierus geneem oor sy rugsak en toe die klein geweertjie raas, het die bul nét daar geval.

**VIR STRAWWE OMSTANDIGHEDE**

As gevolg van gryser en minder hare en te veel ure agter 'n rekenaar, voel die myle deesdae vir my al hoe langer en daarom waardeer ek my liggewig-Kimber meer en meer. Die gevolg is dat sommige van my ander gewere al hoe meer tuisbly. Liggewiggewere val bepaald nie in almal se smaak nie, maar ek moet bieg dat ek nog altyd 'n sagte plek gehad het vir ligte, elegante gewere. Die Britse, Oostenrykse en Duitse geweermakers van ouds was meesters in die bou van ligte, handige jaggewere. Die bergagtige terrein waarin baie wild in Europa gejag word, het sekerlik baie daarmee te doen. Die ou Mannlicher Schönauer-gewere was nie net pragtig afgewerk met seepgladde aksies nie, maar was ook bedoel om die steil hange van die Alpe te kon trotseer. Net so ook die baie elegante .275 Rigbys (7x57) waarmee manne soos Bell, Corbett en Ruark gejag het. Hulle was funksioneel en by uitstek bedoel vir stapjagters wat hul gewere ver dra.

Vandag is daar 'n handjievol pasmaak-geweerbouers wat spesialiseer in ultraligte jaggewere, veral in die VSA. Baie van hierdie gewere is bestem vir jagters wat gereeld steil hange uitklim op soek na bergskape en ander eksotiese wildspesies wat voorkom in plekke soos Alaska en die noorde van Kanada. Die meeste van hierdie gewere word van vlekvrye staal gemaak en hulle het sintetiese kolwe om die gure weer te kan trotseer. In rowwe terrein is 'n geweer wat min weeg en kan raak skiet, 'n groot aanwins. Ek het al gehoor van gidse wat .458 Winchesters dra wat so min as 7lb weeg. Dis seker goed om só iets byderhand te hê in dele waar groot bere gereeld teëgekom word, maar ultraliggewig-swaarkalibers is 'n bietjie te veel van 'n goeie ding in my beskeie opinie.

'n Paar jaar gelede het ek ribbokke en blesbokke bo in die Maluti's naby Clarens gejag. Die terrein was so steil dat ons van perde gebruik moes maak om oor die weg te kom en ek was bitter dankbaar vir my ligte .243 met sy "plastiekkolf" tydens die menigte op- en aftogte.

Baie lig is een ding, maar dit help niks as die geweer nie ook betroubaar is nie. In laat-April 2017 is ons in Noord-Natal verras deur 'n laatseisoen-reënbui. Soos die noodlot dinge bestem, het 'n vriend die vorige middag 'n blouwildebeesbul gekwes wat behoorlik vir ons die plaas gewys het – ek het vir 'n paar uur met 'n mistroostige gemoed in koue, nat weer agter dié bok se bloedspoor aangestap. Toe die reën teen die volgende middag swaar begin uitsak en alle spore en bloed wegwas, moes ons die aftog blaas. Beide ek en my Kimber het papnat by die kamp aangekom. Ek het vroeg die oggend 'n klein stukkie maskeerband oor die tromp geplak, so die binnekant van die loop was droog, maar die res was papnat na 'n dag in die reën. Ek het die loop en aksie uit die kolf gehaal, alles versigtig droog gemaak en met 'n olielap afgevee.

Terug by die huis, is ek skietbaan toe, en groot was my verbasing toe die Kimber nog steeds presies skiet waar ek die roer ingestel het voor die jag. Die geweer was deur die fabriek gepak en duidelik het hulle dit uitstekend gedoen. Dis sulke dinge wat jou vertroue in jou roer 'n groot hupstoot gee.

'n Vlieggewig-jaggeweer is dalk nie vir almal nie, maar vir my het dit wel meriete. Ek is seker daar is nog baie myle in Afrika se jagvelde wat lê en wag vir my en my Kimber.

# Loting ter stywing van die SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging se **Regshulpfonds**

**R50** per inskrywing

Sluitingsdatum
8 Februarie 2018

## WEN

HOWA .308 of 6.5 Creedmoor *Heavy Barrel* met



Leupold VX-3i 6.5-20x40
Side-focus Varmint Hunter





### Hoe om in te skryf:

Plaas R50 (of veelvoude van R50 as jy meer as een kans wil staan) oor na die SA Jagters se Regshulpfonds-rekening en gebruik K en u selfoonnommer as verwysing.

**Regshulpfondsbankrekening:**

SA Jagters Regshulpfonds
Bank: ABSA
Takkode: 632005
Rekening nr: 9134305406
Verwysing: K en u selfoonnommer

WWW.SONSOFGUNS.CO.ZA

**Prys ter waarde van R25 000 geborg deur SONS OF GUNS**

- U keuse tussen 'n HOWA Heavy Barrel in .308 Winchester of 6.5 Creedmoor
- VX-3i 6.5-20X40 matte side-focus VH
- 30mm Rings med matte
- Delta Fire gun bag 50"
- Allen rifle sling Cascade neoprene with swivels

*SA Jagters sal die gelukkige wenner telefonies in kennis stel.*

# Jana se jagstorie

*Deur* JANA BOTHA

As jy 'n meisiekind is wat tussen seunskinders moet oorleef, is sélf jag en sélf jou bok dra, jou voorland.





Op die foto heelbo wys Jana hoe sy haar bok meisie-alleen gedra het. Haar vriend Heinrich (foto bo) het darem morele ondersteuning aangebied nadat hy vir Jana die bok help bekruip het.

As enigste dogter in 'n gesin (met twee ouer broers) waar jag 'n móét was, het ek geweet dat ek op 'n dag te staan gaan kom voor die versoeking om my eerste bok te skiet. Drie jaar gelede het ek saam met my pa my eerste springbokooi geskiet en die skoot was (met geluk) regdeur albei oë. Na hierdie goeie ervaring wou ek baie graag weer so iets beleef en dit gebeur toe ook so dat ek weer die volgende jaar saam gaan jag het...

Ek en my pa lê saam in die veld. Daar is nog drie ander jagters in dieselfde jagkamp – met die hulp van 'n bakkie en 'n perderuiter roer hulle die springbokke net genoeg sodat almal 'n skietkans kan kry. Maar om een of ander rede staan die bokke by ons nooit stil nie en as hulle 'n enkele keer stilstaan, is dit te ver om te skiet. Met 'n gesukkel kry my pa teen twee-uur darem 'n bok geskiet. Die ander jagters was gelukkiger en het altesaam twaalf bokke geskiet gekry. Met hierdie vrag vat ons die pad eers terug plaas toe sodat die bokke skoongemaak en geslag kan word.

## STAP 'N DRAAI

Teen vieruur kom ons eers by die huis aan en ek is bitter teleurgesteld omdat ek nog nie 'n bok plat het nie – ek wil regtig graag een skiet. Dit is tóé dat ek besluit om 'n draai te gaan stap in die hoop dat ons iets sal kry. Ons (my vriend Heinrich het saamgegaan) vat toe die geweer en klim die koppie voor die huis uit om te kyk of ons enige springboktroppe kan sien. 'n Hele ent van ons af gewaar ons die bokke en beplan om eers reguit te stap en hulle van die regte kant af te benader. Terwyl ons afbeweeg, sien ons 'n ander trop (wat jy slegs kan identifiseer deur die teleskoop) in die teenoorgestelde rigting en besluit om hulle eerder te bekruip omdat die wind gunstiger is en die stappie op die oog af korter lyk.

Selfs al beweeg ons stadig en rustig, is ons nog nie eens 350m van die bokke af nie, of hulle gewaar ons en hardloop verwilderd weg tot aan die anderkant van 'n droë rivierloop. Ons begin half weg van hulle af stap, reguit na die boonste gedeelte van die rivierloop sodat ons tussen die bome langs die rivierloop kan afbeweeg totdat ons naby genoeg is om te skiet sonder dat hulle ons sien. Op een of ander manier gewaar hulle ons weer en vat toe weer die pad – nog verder van die huis af. Heinrich sê ons moet maar eerder huis toe gaan voor dit te donker is omdat ons al omtrent een en 'n halwe »

» kilometer van die huis af is en dit amper onmoontlik is om hierdie springbokke te bekruip. Ek vra mooi vir nog net één kans en hy stem gelukkig in.

Stadig probeer ons nader aan die trop beweeg; met die lae bosse as skuiling is die enigste uitweg om soos 'n eend te loop! Toe ons 'n effense wal bereik, verleng hy die geweer se pootjies vir my omdat die bokke agter hoërige bosse staan. Hulle staan toe vir die eerste keer stil sodat ek hulle lank genoeg deur die teleskoop kan bekyk. Soos elke jagter, sien jy mos dadelik die een wat jy wil hê, die een met die mooi horings. Ongelukkig is al wat van hom uitsteek, sy kop en 'n gedeelte van sy rug... en die trop beweeg nêrens anders as net nóg verder weg nie!

**LAASTE KANS?**

Redelik raad-op sien ons hoe 'n driekwart van die trop vinnig verdwyn en die klompie 'n ent verder draai en stop. Ons beweeg toe tot agter 'n breë boom op 'n wal, ongeveer 240m van hulle af, in die hoop dat dit die laaste keer is (veral omdat ons hulle nou al vir twee ure agtervolg). Heinrich wys my watter kant om aan te lê en hoeveel hoër ek moet mik omdat die geweer op 200m ge-*zero* is. Ek voel hoe die adrenalien begin pomp. Dit is al sterk skemer en ek is reg vir die uitdaging...

Ek eendjiestap weer nader en stoot die geweer suutjies tot op die rand van die wal en *leopard crawl* soos my pa in die weermag gedoen het om laag genoeg te bly en myself reg te kan posisioneer. Soos tevore sien ek weer "my bok" en probeer my asemhaling reguleer sodat ek die kruishaar doodstil op die regte plek kan plaas en die sneller kan druk. Toe die skoot klap, sien ek hoe die ram 'n paar treë vorentoe beweeg. Heinrich sê dadelik ek moet oorhaal en vir die kop mik, maar op daardie oomblik val hy net daar om.

Voordat ek na die bok toe hardloop, wil ek eers seker maak die geweer is veilig, maar ek bewe só dat Heinrich laggend vra of ek bokkoors het. Ons stap opgewonde nader. Wat 'n groot verligting toe ons sien dat dit 'n netjiese bladskoot is!

**BLOEDBESMEER**

Heinrich sny dadelik die pens oop om die binnegoed uit te haal en ek gewaar die bloedrooi hande wat nader na my gesig toe kom... Ek hardloop vir my lewe, maar ongelukkig kry hy my beet en besmeer my hele gesig. Ons laat die bok uitbloei, maar skielik besef ons, ons weet nie hoe ons die bok by die huis gaan kry nie. Heinrich reken dit was ek wat die voorreg gehad het om die bok te skiet, so ek sal hom maar self moet dra.

Ek probeer eers teëstribbel (ek gaan nie Leon Schuster se namaaksel wees nie) maar hy sê toe dat ek die ram sal kan dra sonder dat daar te veel bloed op my kom. Toe hy egter die bok op my skouers tel, voel ek dadelik hoe die warm bloed by my rug afloop! Ek gril behoorlik en die reuk is glad nie aangenaam nie. Hy lag lekker en maak seker dat ek nie die bok afgooi in die sand nie.

Het jy al ooit probeer om 'n springbok agter oor jou nek en op jou skouers te dra vir meer as twee kilometer terwyl dit net-net nog nie donker is nie en jy al wat 'n meerkatgat in die grond is, moet mis trap? Kort-kort voel ek hoe 'n nuwe warm straaltjie bloed by my rug afloop as ek die bok na 'n meer gemaklike posisie skuif. Ek hou my neus hoër in die lug vir varser lug.

Maar my pa se gesig toe ek om die hoek van die huis kom met die bok op my rug, het die volgende dag se rugpyn die moeite werd gemaak. Dit bly 'n wonderlike ervaring wat ek nooit sal vergeet nie. Selfs die plaaseienaar het gesê dat niemand dit al ooit reggekry het om 'n springbok op sy plaas te voet te jag, te bekruip én te skiet nie.





# 2018 WILDDATUMS

**VLEISSENTRAAL**

## DIE BESTE BOD

| | | | |
|---|---|---|---|
| 03-02 | Goldfields Hunting Safaris | Theunissen | B |
| 02-03 | Hanley Wildlife Services | Alldays | A |
| 02-03 | Mebala Ya Rona | Rustenburg | A |
| 10-03 | CVO Skool Potgietersrus | Mokopane | A |
| 10-03 | Komga Agricultural Show | Komga | B |
| 10-03 | Lasarus wild | Albertina | B |
| 17-03 | Mulati Wilddienste | Brits | A |
| 23-03 | Hanley Wildlife Services | Alldays | A |
| 24-03 | Showcase - Kroon Boma | Bethlehem | C |
| 07-04 | Groblersdal wild | Groblersdal | A |
| 07-04 | Sable Ranch | Brits | A |
| 13-04 | Chattaronga Safaris | Alldays | A |
| 14-04 | Mulati Wilddienste | Brits | A |
| 14-04 | Hoëveld Boma wild | Ermelo | D |
| 20-04 | Hanley Wildlife Services | Alldays | A |
| 21-04 | WRSA - KZN | Mkuze | A |
| 28-04 | Thaba Manzi Wildlife Services | Bela-Bela | A |
| 04-05 | Hanley Wildlife Services | Alldays | A |
| 05-05 | Jakhalsdans wildveiling | Loxton | B |
| 09-05 | Blouberg Game Breeders | Bela-Bela | A |
| 12-05 | Ekland Safaris | Louis Trichardt | A |
| 12-05 | Mulati Wilddienste | Brits | A |
| 19-05 | WRSA | Bela-Bela | A |
| 19-05 | Nico Roux wildveiling | Rustenburg | B |
| 25-05 | Greater Kuduland | Tshipise | A |
| 26-05 | Genome Game Breeders | Carousel | A |
| 01-06 | Thaba Manzi Wildlife Services | Bela-Bela | A |
| 02-06 | Riatra wild | Hopetown | B |
| 09-06 | Mulati Wilddienste | Brits | A |
| 16-06 | Groblersdal wild | Groblersdal | A |
| 22-06 | Victoria-Wes veiling | Victoria-Wes | B |
| 22-06 | Hanley Wildlife Services | Alldays | A |
| 23-06 | Kremetart Wildfees | Musina | A |
| 30-06 | Tshipise Buffalo | Polokwane | A |
| 30-06 | Mooipan Game Traders | Olifantshoek | B |
| 30-06 | Steyl Game - Kroon Boma | Bethlehem | C |
| 06-07 | Sagan Wildlife | Bela-Bela | A |
| 07-07 | Mulati Wilddienste | Brits | A |
| 07-07 | Sentinel Wildsveiling | Clarens | C |
| 14-07 | Mike Englezakis wild | Sun City | A |
| 14-07 | Sheldrake wild | Alldays | A |
| 21-07 | Groblersdal wild | Groblersdal | A |
| 27-07 | Thaba Manzi Wildlife Services | Bela-Bela | A |
| 28-07 | Hanley Wildlife Services | Alldays | A |
| 04-08 | Mulati Wilddienste | Brits | A |
| 04-08 | Lasarus wild | Albertina | B |
| 11-08 | Soutpansberg Skaarswild | Alldays | A |
| 25-08 | Groblersdal wild | Groblersdal | A |
| 25-08 | Inkwenkwezi | Oos-Londen | B |
| 31-08 | Hanley Wildlife Services | Alldays | A |
| 31-08 | Thaba Manzi Wildlife Services | Bela-Bela | A |
| 08-09 | Mulati Wilddienste | Brits | A |
| 15-09 | Groblersdal wild | Groblersdal | A |
| 22-09 | Thaba Manzi Wildlife Services | Bela-Bela | A |
| 22-09 | Steyl Game - Kroon Boma | Bethlehem | C |
| 28-09 | Hanley Wildlife Services | Alldays | A |
| 29-09 | Mulati Wilddienste | Brits | A |
| 13-10 | Groblersdal wild | Groblersdal | A |
| 26-10 | Hanley Wildlife Services | Alldays | A |

Johann Vosser: 083 627 1491 - Bosveld (A) Wimpie du Plessis: 082 771 0811 - Bloemfontein (B)
André Pieterse: 082 771 8614 - Bethlehem (C) Wessel Meyer: 082 800 4913 - Ermelo (D)

**WILD**

**VLEISSENTRAAL WILDBEMARKING - 012 460 9916**


www.vleissentraal.co.za

Geregistreer volgens Wet op Landbouprodukte-agente Wet 12/1992 // Registered according to Act on Agricultural produce agent Act 12/1992

# Bokspog

**Stuur jou jagfoto's na *jagbydraes@media24.com*.**

**WENFOTO**



**HILENE RADFORD, ASKHAM, NOORD-KAAP.** Gemsbok, Remington, .308. 150gr.




Die wenner van dié maand se *Bokspog* sal 'n Shadows Duffle Bag en Shadows Colour Block Shirt ter waarde van R995 van Sniper Africa wen. Vir meer besonderhede kontak Sniper by 0861-764-737.



**ANTONIE BROODRYK, REITZ, VRYSTAAT.** Blesbok, Tikka T3 .30-06, 165gr Hornady SST, 205m.



**SKIPPIE SCHEEPERS, VOSTERSHOOP, NOORDWES.** Gemsbokbul, .308 Sako 180gr, 130m.



**BOETA VAN JAARSVELD, VRYBURG, NOORDWES.** Blouwildebeesbul, Musgrave .308, 150gr Hornady SST, 80m.



**CP DE JAGER (JAGTER) EN KOBUS VD WALT, DENEYSVILLE, VRYSTAAT.** Gemsbok, SAKO, 7mm Remington, 175 Federal, 80m.



**JOE WILKINSON, VIVO, LIMPOPO.** Elandbul, CZ 550 Lux, .30-06, 180gr Swift A-frame, 60m.



**BEULAH SMIT, VIVO, LIMPOPO.** Koedoe, Ravin R9-kruisboog, 125gr Thunderhead Broadhead-pylpunt, 195lbs-trekkrag, 390vps.



**JAMIE LEE VD WALT, GROBLERSDAL, LIMPOPO.** Vlakvark, Howa 1500, 6.5x55, 156gr Lapua, 80m.




**DES WILLIAMS, SMITHFIELD, VRYSTAAT.** Elandbul, .270 Winchester, 130gr Federal, 160m.



**DEHAN THEUNISSEN, ALLDAYS, LIMPOPO.** Rooibok, .308 Browning, Nosler AccuBond 165gr, 100m.



**ERICK COOMBS, REITZ, VRYSTAAT.** Blesbok, Tikka T3, .30-06, 165gr Hornady SST, 190m.


Die koedoebul waarvan daar in die storie vertel word.

# Dink voor jy die sneller druk

*Deur* PIETA

## Soms kom oorgretigheid jou duur te staan...

Die wintersonnetjie lig skaam-skaam sy kop bo die bergrand uit. Dis asof hy weet hy het te min hitte om die koue onder in die klowe te verdryf. Dis veral langs die poele teen die rivier waar dit nog bitter koud is na die nag se ryp.

Deur die nag kom die koedoes uit die berge om te drink en voordag begin hulle weer stadig opwerk na die hoogtes om die eerste oggendstrale hoër op teen die berg te vang. Die meeste is haastig en verwyl nie tyd op pad boontoe nie, maar soms is daar 'n lui ou bul wat rustig en peusel-peusel die helling klim. Dis agter een van hierdie ou manne wat ek aan was.

Ek het myself sitgemaak, verskuil onder 'n groot spekboom. Half agter my het my skoonseun hom toegedraai in 'n ou kombers wat hy in die bakkie gekry het. Ons het die looppaadjie van die koedoes vanuit 'n ander hoek benader as vanuit die rivier en so stil as moontlik in die eerste lig halfpad berg-uit geklim. Al was daar nog koedoes in die rivier, was ek seker dat ons ons sitplek ongesiens bereik het. Ek was ook nie bekommerd oor die oggendluggie nie. Soos die hange warmer raak en die lug begin styg, trek dit teen die berg op. Koedoes wat op pad is boontoe sou ons dus nie kon ruik nie.

Dit was pas na sewe-uur toe 'n klip wat losraak ons waarsku dat iets met die paadjie langs nader kom... 'n koedoebul. Die mooi bul kom rustig en peuselpeusel aangestap teen die bergpaadjie uit. Vyftig meter van ons steek hy vas, lig sy kop en snuif die lug. Hy is duidelik onrustig. Ek besef dat ek min tyd het, maar het gelukkig my posisie só ingeneem dat ek min hoef te beweeg om hom onder skoot te kry. Die geweer het ek reeds oorgehaal toe ons posisie ingeneem het. Daar is dus geen metaalgeluide om ons posisie te verklap nie. Ek het gewag tot hy sy kop draai, die korrel vassuig onder sy oor en die sneller gedruk. Die 180gr ProAmm-koeël het sy brein vergruis en hom in sy spore laat val. Ek sit vir omtrent 'n minuut stil en luister hoe die eggo's van die skoot die doodstyding deur die klowe dra. Op een van die kranse protesteer 'n bobbejaanmannetjie luidkeels. Stram-stram staan ons op en dit was eers toe ek by die bul kom dat ek besef watter groot werk daar vir ons sou voorlê.

Ek kom elke jaar op dié 4 500ha-bergplaas jag. Die eienaar bly 200km weg in 'n stad en daar is geen werksmense op die plaas nie. Dis ongekende natuurskoon sover die oog kan sien, met min plaaspaaie. Die meeste plekke kan net te voet of met 'n perd bereik word. Gewoonlik kom ek alleen maar het hierdie keer my skoonseun saamgebring. Dit was 'n goeie besluit. Teen halfagt het ek die pens uitgehaal gehad en het toe begin planne maak hoe om die koedoe tot by die bakkie te kry.

Vanwaar ons gesit het, moes ons oor 'n ruggie beweeg na die bakkie toe wat omtrent 1km ver geparkeer was. Die beste manier sou wees om die vel aan te hou om te verhoed dat die karkas vuil word. Eers het ek die twee boude afgesny – ons moes elk 'n boud oor die skouer gooi en begin stap. Die tog na die bakkie was baie stadig. My skoonseun is 'n stadsjapie en nie gewoond aan harde werk nie. Ek moes nog die geweer ook dra en ons moes versigtig wees dat ons nie 'n enkel verstuit of breek nie. Dit was met groot verligting dat ons meer as 'n uur later die boude op die bakkie kon laai en die geweer voorin toesluit.

Ons het 'n rukkie gerus, water gedrink en toe die terugtog na die koedoe aangepak. Ek het eers die bul se kop afgesny en toe die oorblywende deel van die karkas al met die rugstring langs met my handbyltjie verdeel wat ek van die bakkie af saamgebring het. Die twee van ons moes saam optel aan die een helfte van die karkas en dit saam-saam dra. Na groot moeite en baie rusplekke later was ons uiteindelik by die bakkie. Toe moes die orige stuk karkas gehaal word.

Die tweede tog was nog moeiliker en het veel langer geneem. Laastens moes ons nog die kop gaan haal. Al die binnegoed het agtergebly want ons het doodeenvoudig nie die krag gehad om weer terug te gaan vir die lewer nie. Die rooikatte moes 'n fees gehad het.

Die son het laag begin hang en die bakkie se horlosie het aangedui dis vyf minute oor vier toe ons uiteindelik met die kop terug was.

Ek het daardie dag 'n harde les geleer. As jy net een helper het en ver van 'n pad af is, dink voor jy daardie sneller druk. Maak nie saak hoe naby die koedoe staan of hoe gretig jy is om dit te skiet nie.

NS: Die foto is ongelukkig die enigste wat behoue gebly het.

# NOU OP RAK!

**Bos & Kombuis kry vanjaar 'n splinternuwe baadjie! Van ou gunstelinge soos springbokboud, wildspastei en korslose melktert tot roosterkoek-calzone, gemsbokpasta, koedoesteaks en maltabellabeskuit – Bos & Kombuis het werklik iets vir almal!**




## Indien jy dit nie in die winkel kry nie, bestel só:

DIGITALE WEERGAWE
Gaan na: www.mysubs.co.za/magazine/sa-hunter-jagter-bos-kombuis

E-pos:
johan.terblanche@Media24.com

Tel:
021 406 4962

# Be aware it is snakebite season








**Photo 1:** The stiletto snake *(Atractaspis bibronii)*.
**Photo 2:** The enormous fangs of a Bibron's stiletto snake from the Kalahari. Photos: Johan Marais (African Snakebike Institute).

**We have received the following press release from Johan Marais of the African Snakebite Institute:** "While the snakebite season is not yet in full swing, a number of serious snakebites have occurred in the past few weeks. Many bites from deadly snakes are difficult to prevent as people accidentally stand on snakes, especially at night. But the snake that has been biting lots of people recently is the poorly-known stiletto snake, also known as the side-stabbing snake.

It is a small, thin, non-descript snake that averages around 30 to 40cm in length, it is dark brown to blackish in colour and spends most of its life underground. They usually emerge in the early evening, especially after summer rains and often end up in swimming pools. For some reason people mistake them for mole snakes, even though they are far too thin to look like one.

The big danger of the stiletto snake is their fangs and potent cytotoxic venom. If grabbed behind the neck the snake will twist its head sideways with one fang protruding and stab it into a thumb or finger. Otherwise, if caught midbody, the snake will thrash around with its fangs sticking out and the person catching it will get bitten once or twice.

Stiletto venom is potently cytotoxic, causing immediate pain, swelling, blistering and in many cases severe tissue damage that may result in a digit or two being amputated. It is an extremely painful and destructive bite but is not considered potentially lethal. There is no anti-venom for this snake's venom and doctors can only treat for pain and wait a few days to see how extensive the tissue damage is.

The stiletto snake is absent from the Western Cape, most of the Eastern Cape and most of Namaqualand but common in KwaZulu-Natal, Gauteng, Mpumalanga and Limpopo, as well as much of the North West, entering Zimbabwe, Botswana and Northern Namibia. Please be warned and refrain from touching any snake."

* *For more information about snakes and snakebite visit the website of the African Snakebite Institute at* www.africansnakebiteinstitute.com


SHIELD SIGHTS
MILITARY PROVEN RED-DOT SIGHTS
MRS TECHNIQUES EST.1998
DEALER ENQUIRIES WELCOMED
MRS Techniques is the sole importer of Shield Sights into South Africa. Factory and custom mounts available. Contact us for fitment options.
info@mrst.co.za | 012 998 3622 | 012 993 4844
Smith&Wesson M&P MILITARY&POLICE
Contact us for any of the Smith & Wessons you see at www.smith-wesson.com


END OF SEASON SALE
15% OFF ALL SNIPER AFRICA PRODUCTS
SHOP AT WWW.PARKTOWNSTORES.COM
SALE APPLIES TO SNIPER AFRICA PRODUCTS ONLY
To qualify for this special in store, please mention this advert.
Specials and sale items available while stocks last - Ts & Cs apply
OPEN SUNDAYS & PUBLIC HOLIDAYS: 8, 15 & 29 JAN 2018
SUPPLIERS OF:
SNIPER AFRICA
WOLVERINE BOOTS AND SHOES
BRAND NEW
SNIPER AFRICA REVERSIBLE SOFTSHELL HOODY JACKET
MEN'S JACKET from 650.00
LADIES JACKET from 595.00
ParkTown Stores
654 PAUL KRUGER STREET, CORNER BOOYSEN STREET LES MARAIS, PRETORIA
Email: info@parktownstores.co.za Tel: 012 335 6455 / 012 335 2740 / 084 678 6421
SNIPER AFRICA PH COMBO
1150.00
ADD CAP FOR R100
available in 3D OR SHADOWS PRINTS
SHIRT + JEANS + URBAN BUSH JACKET
HUNTING BOOTS SPECIALS
WOLVERINE CANYON LO R1800.00 now 1625.00
WOLVERINE CANYON HI R1900.00 now 1650.00
SNIPER AFRICA CAMO ONLINE STORE - WWW.PARKTOWNSTORES.COM
PAINTBALL ONLINE STORE - WWW.PAINTBALLSTORES.CO.ZA




Die CL Companion is beskikbaar in drie pakketkeuses: **1.** 'n Seil-tipe sak en dra-band, die Urban Jungle; **2.** Die Northern Lights-pakket met veltdrasak en leer/neoprene-band; **3.** Die Wild Nature-pakket met nylonsak en nylon/neoprene-draband.

# In die kol

# Swarovski CL Companion

*Deur* KOOS BARNARD



Die kompakte CL Companion 8x30- en 10x30-verkykers is skaars groter as die palm van 'n man se hand.

Swarovski se CL Companions, die kompakte 8x30- en 10x30-verkykers is reeds in 2011 bekendgestel en is een van dié maatskappy se gewildste produkreekse.

Hierdie kompakte, liggewigverkykers is nie net meer bekostigbaar as die baie duur EL-reeks nie, maar verskaf uitstekende optiese kwaliteite wat 'n glashelder beeld en kykgenot verseker.

Whylo, die plaaslike verspreider van Swarovski-produkte, het onlangs een van die nuwe CL 8x30 aan SA JAGTER/HUNTER verskaf om te toets tydens 'n jag en soos gewoonlik was ons hoogs beïndruk met die kwaliteit wat Swarovski bied. Met 'n gewig van net 490g kan hierdie verkyker die hele dag lank met 'n gewone Swarovski-draband om die nek gedra word sonder dat dit jou sal moeg maak. Die 10x30 weeg 'n skamele 10g meer.

Vir algemene jaggebruik en voëlkyk is 'n 8x-vergroting voldoende en tydens my bosveldjag het ek die CL Companion uiters geskik gevind, selfs toe ons op 'n koppie gaan sit het om wild in die verte te probeer soek.

Wat die nuutste CL-modelle uniek maak, is dat hulle met verskillende drasakke en drabande beskikbaar is. Daar is drie keuses, naamlik 'n seil-tipe sak en draband wat as die Urban Jungle-pakket bekend staan. Die Wild Nature-pakket se sak is van nylon en so ook die draband (laasgenoemde het ook 'n rubber/neoprene-gedeelte waar dit om jou nek pas). Laastens is daar die Northern Lights-pakket met 'n drasak van velt (van skaapwol). Die draband is ook 'n kombinasie van velt en egte leer.

Wanneer jy 'n nuwe CL-model bestel, spesifiseer jy eenvoudig watter pakket jy verkies.

Swarovski gebruik deesdae 'n vinnige aanknip-meganisme om die draband aan die verkyker te heg. Hierdie roterende hegpunt verhoed dat die draband "opgewen" word tydens gebruik.

Die fokus- sowel as die diopterverstelling (die verstelling om vir die verskil tussen jou oë te kompenseer) word deur die enkele groot sentrale verstelknop beheer. Om die diopterverstelling te doen, druk jy die veerbelaaide draaiwiel agter op die stelknop. Hou dit ingedruk en doen dan die verstelling – dit is vir jou regteroog. Sodra die beeld vir jou regteroog helder is, laat los die draaiwiel en stel daarna die fokus normaalweg.

* Swarovski-verkykers word landwyd verkoop deur geweerwinkels en winkels wat buitelugprodukte aanbied. Die nuwe CL Companion verkoop teen ongeveer R19 000 tot R20 000, afhangend van watter pakket gekies word.

** Kontak jou gunsteling-handelaar vir meer inligting oor die nuutste Swarovski CL Companions.*

## LAAIGRAWE

| | | |
|---|---|---|
| Mini-laaigraaf ML08 | 0.5 m³ | R 165 000 |
| Bosvark | 0.5 m³ | R 215 000 |
| Vlakvark | 0.5 m³ | R 230 000 |
| Buffel ML18 | 0.9 m³ | R 295 000 |
| Eland | 1.4 m³ | R 460 000 |
| Renoster | 1.7 m³ | R 595 000 |
| Olifant | 3.0 m³ | R 895 000 |

## VURKHYSERS

Meerkat 4x4
3m Mas 2.0ton
R 250 000

Vurkhyser Standaard
3m Mas 2.5ton
R 179 000

## TLB

ZA Skerpioen TLB
70kw
R 520 000

ZA Skerpioen TLB
47kw
R 399 000

## MULCHERS

ZA Buffel Drum Mulcher R 690 000
ZA Buffel Blade Mulcher R 725 000

**WUHLF EQUIPMENT (PTY) LTD**

**Hoofkantoor:**
76 Haakdoornlaagte
Wallmannsthal, Pretoria
N1-Noord-hoofweg
Wallmannsthal-afrit
Koördinate:
25 34'36.0"S 28 27'16.0"E

**Kantoor:**
+27 (0) 12 548 0321

**Webtuiste:**
www.wuhlf.co.za

**Verkope:**
Coert Steenberg
+27 (0) 84 247 0804
sales@wuhlf.co.za

*Nota: Alle pryse is BTW en AFLEWERING UITGESLUIT en is onderhewig aan verandering*



# BBRW

**GROOTHANDELAARS VAN SLAGHUIS-, BAKKERY-, VERKOELINGS- EN SPYSENIERSTOERUSTING**

**JOHANNESBURG**
Park-rylaan 24, Mayfair, Johannesburg
* Tel: SALES: 011 026 0689 * SALES: 011 025 6836 * 011 833 5957/011 834 9373
073 266 3860 * 082 417 6257 * 071 874 9952 * Faks: 011 838 1364
E-pos: sales@bbrw.co.za * Webwerf: www.bbrw.co.za

**DURBAN**
Eenheid nr. 2, Palmfieldweg 11, Springfieldpark
Tel: 031 579 5312/031 579 5305 * Faks: 031 579 5923
E-pos: sales@bbrw.co.za * Webwerf: www.bbrw.co.za

**Nuwe 1 000 m² vertoonkamer / Nuwe bestuur / Tegnici op die terrein**

**JUNIOR BANDSAAG EN VLEISMEUL** R8 500.00

**BANDSAAG** Swaardienstipe
Gratis biltongdroër
R12 995.00

**VLEISMEUL**
42-380V R16 995.00
52-380V R24 995.00

**BILTONGKABINET**
80l 400 x 430 x 900mm R3 395.00
245l 580 x 460 x 1 080mm R4 500.00
1 250l 1 000 x 740 x 2 015mm R14 995.00

**BILTONGKABINET + BEROKER 2-in-1** R3 995.00

**SKAAL** R599.00

**HANDTIPE BILTONGKERWER** R599.00

**HANDTIPE VLEISMEUL**
NO. 22 R899.00
NO. 32 R1 200.

**170L KOOKTOESTEL** R21 995.00

**KOEL/VRIESKAMERS**
KOELKAMERS (Chromodeck)
1.8m x 1.8m R22 995.00
2.4m x 2.4m R24 995.00
3m x 3m R29 995.00
VRIESKAMERS
1.8m x 1.8m R25 995.00
2.4m x 2.4m R29 995.00
3m x 3m R35 995.00
Volledig Insluitende kompressor en blaser

**ELEKTRIESE VLEISMEUL (Italiaans)**
REBER MET VLEKVRYE STAAL-RATTE
12 R3 495.00
22 R4 500.00
32 R5 995.00

**WORSSTOPPERS**
ING 4 VLEKVRYE STAAL TREGTERS IN VLEKVRYE STAAL
3 lt R1 195.00
5 lt R1 495.00
7 lt R1 795.00
10 lt R2 700.00
15 lt R4 995.00

**REGOP YSKAS** SCW688
Enkeldeur R5 500.00
Dubbeldeur R7 195.00

**KISVRIESKAS**
225 lt R1 195.00
311 lt R2 595.00
460 lt R3 395.00
520 lt R3 995.00
570 lt R4 395.00
590 lt R4 595.00

**VLEISKOEKIEMAKER**
100mm R299.00
130mm R499.00

**KOUEVLEISSNYER**
220mm R4 295.00
250mm R4 995.00
300mm R7 995.00

**BEROKER, 170L** R21 995.00

**WORSSTOPPERS HIDROULIESE** R15 500.00

**VLEISVERSAGTER** R10 995.00

**KARKASSKAAL** R7 695.00

**SAKKE**
300 X 400mm R120.00 (100 sakke)
250 X 300mm R 80.00 (100 sakke)
150 X 250mm R 50.00 (100 sakke)

**VRIESKAS MET GLASBOKANT**
300 lt R4 995.00
1.5m - 510 lt R5 995.00
1.8m lt R8 995.00
2.2m - 700 lt R12 500.00

**VAKUUMMASJIEN**
DZ300 R8 995.00
DZ400 R10 500.00
Tweedehands
DZ300 R6 500.00
DZ400 R7 995.00

**BILTONGKERWER**
0.55KW R2 695.00
0.75KW R3 150.00
Butcherquip

**VLEKVRYE STAAL-TAFEL**
1.1m R1 195.00
1.7m R1 450.00
2.3m R1 750.00

Vakuumsak vanaf R49.00

**DUBBELWASBAK** R2 995.00

**TOEDRAAIMASJIEN** R7 99.00

**KOELKAMER OP SLEEPWA MET PAPIERE** R29 700.00 Slegs padgebruik

**MOBIELE KOELKAMER** R29 700.00

**VERTOONYSKAS** R11 995.00

**SPITBRAAI & OONDROOSTER** R5 995.00

**RYGBRAAI & OONDROOSTER** R4 595.00

ALLE PRYSE BTW UITGESLUIT

Ons het alle tipes slaghuistoerusting in voorraad.

VRA VIR KASSIE

# Herlaaipotpourri – Deel 12

*Deur* KASSIE KASSELMAN






Kry die regte kombinasie van geweer(loop), koeël, doppie, slagdoppie en dryfmiddel om die verlangde resultate te behaal.

Vir 'n herlaaier is dit soms nodig om net weer sy kennis van die basiese dinge op te skerp, sodat hy beter verstaan wat hy doen, of behoort te doen. Die volgende vraag het my genoodsaak om 'n bietjie te gaan rondblaai in my boeke en bronne om sinvolle kommentaar te lewer.

**VRAAG:**
*Wat gebeur nadat die sneller getrek is en wat beteken dit vir die herlaaier?*

**KASSIE SE KOMMENTAAR:**
Die herlaaiproses van 'n patroon begin eintlik reeds met die vuur van die vorige skoot. Indien die herlaaier verstaan wat alles gebeur van die oomblik dat hy die sneller druk, kan hy die tekens van die skoot beter vertolk om die volgende skoot meer doelgeskik te laai. Kom ons kyk 'n bietjie na die reeks van meganiese en chemiese prosesse wat opeenvolgend met die patroon en die vuurwapen gebeur. Uit 'n herlaaiperspektief is hierdie prosesse beide die kulminasie van resultate van die vuur van 'n gelaaide patroon. Dit is ook die begin van die veranderings, of regstellings, wat vir die laaiproses van die volgende patroon gedoen moet word om weer 'n "beter" gelaaide patroon te produseer.

**WAT PRESIES GEBEUR IN DIE MILLISEKONDES NADAT DIE SNELLER GETREK IS?**

**1.** 'n Veerbelaaide hefboom (sneller) word versteur, wat dan 'n ander veerbelaaide hamer of geïntegreerde slagpenstaaf oor 'n glipnok laat glip. In die geval van 'n hamer, slaan dit op die agterkant van 'n slagpen en in die geval van die geïntegreerde slagpenstaaf word die hamer- en slagpenaksie gekombineer. In beide gevalle word die slagpen deur die opening in die grendelkop gestamp en slaan dit die slagdoppie raak.

**2.** Die slagdoppie bestaan uit 'n dun metaalbekertjie wat in die geval van 'n Boxer-slagdoppie 'n ingeboude aambeeld bevat. Met 'n Berdan-tipe slagdoppie is die aambeeld ingebou in die kop van die doppie as deel van die doppie se konstruksie. In beide gevalle veroorsaak die slagpenaksie wat die slagdoppie tref dat die ontstekingvulsel teen die aambeeld vasgedruk word. Die ontstekingvulsel is in werklikheid die enigste "plofstof" in die patroon en ontsteek dan wanneer dit so eensklaps saamgepers word. Die flits (vlam) wat hierdeur veroorsaak word, skiet dan deur die vlamgat in die doppie se kop.

**3.** Hierdie warm gasvonk steek die dryfmiddel voor die onmiddellike vlamgatopening binne die dop aan die brand. Die krag van die gasvonk penetreer nogal diep in die doppie in, wat dan die dryfmiddel op sy pad ook ontsteek. Hoe "warmer" die slagdoppie is wat gebruik word, hoe vinniger word die dryfmiddel geaktiveer. Omdat dryfmiddels oksideermiddels bevat, sal die kruit binne die doppie aanhou brand, totdat die dryfmiddel opgebrand is. Interessant is dat die oksideermiddels kruit in staat stel om sonder suurstof te brand, dis hoekom 'n patroon onder water gebruik kan word en selfs in die ruimte gevuur kan word.

**4.** Wanneer die kruit begin brand, stel dit gas vry. Die vrygestelde gas veroorsaak dat druk binne die doppie opbou. Op hierdie punt begin die doppie se wande onder die toenemende druk uit te swel sodat dit dan teen die geweer se kamer vasdruk en die afseël teen die terugvloei van gas tussen die doppie se wande en die kamerwande inisieer.

**5.** Die slagdoppie, wat met 'n ligte perspas in die slagdophuls ingedruk is, word ook deur die interne druk in die doppie uitgeforseer, maar die grendelkop verhoed dat dit uitval. Hoe losser die patroon in die geweer se kamer pas en hoe groter die spe- »

# TEKEN DIGITAAL IN EN SPAAR 40%




## TEKEN IN

vir 12 maande op SA JAGTER/HUNTER se digitale weergawe en betaal net **R22.80 per uitgawe.** Dis slegs R273.60 per jaar.

### Teken só in

- Besoek mysubs.co.za.
- Registreer jou rekening.
- Kies SA JAGTER/HUNTER en volg die betaling-instruksies vir 'n kredietkaart.

### Lees op jou toestel

- Gaan na die App Store of Google Play op jou tablet/slimfoon.
- Laai die MySubs+ app af.
- Maak die app oop en kies SA JAGTER/HUNTER in MY BIBLIOTEEK.

### Lees op jou rekenaar

- Besoek www.mysubs.co.za
- Teken in met jou MySubs-besonderhede
- Gaan na MY BIBLIOTEEK om jou nuwe uitgawe te lees

### Kontak ons

- 0861-697-827
- support@mysubs.co.za

BEPALINGS EN VOORWAARDES As jy besluit om jou intekening te beëindig, kan jy enige tyd bloot 0861-697-827 bel of 'n e-pos stuur na support@mysubs.co.za.

### Meer oor mysubs.co.za

Nou is al jou gunsteling-tydskrifte net 'n klik ver! MySubs.co.za is 'n aanlyn-intekenportaal waar jy top-Suid-Afrikaanse publikasies kan deurblaai, koop en lees. MySubs bied jou die kans om uiteenlopende belangstellings digitaal te verken – of dit nou glans-, dekor- of kosnuus is. Deur in te teken, kan jy enige tyd en op enige plek oor enigiets lees.

### Lees dit op hierdie toestelle

TAFELREKENAAR · TABLET · SELFOON

mysubs

LAAI DIE MYSUBS+ APP AF OM JOU LEESERVARING TE VERBETER.

» ling tussen die haak van die uittrekker en die uittrekrand van die doppie is, hoe verder sal die slagdoppie uitforseer word. Soos wat die druk in die patroondop verhoog, word die doppie se kop ook terug geforseer en lyk dit soms of die slagdoppie "plat" gestamp is. Dit word dan baie keer verkeerdelik geïnterpreteer as 'n gevolg van uitermate hoë druk. Terselfdertyd word die doppie saam met die drukgolf, wat met die ontbranding van die kruit vorentoe beweeg, in lengte gerek. Hierdie effek is veral sigbaar en skadelik wanneer die geweer se kamer langer is as 'n nuwe doppie, of as die vormdrukmatrys nie ooreenkomstig met die geweer se kop/skouer-afmetings opgestel is vir die hervorming van 'n gevuurde doppie nie.

**6**. Die geswolle doppie vorm nou 'n digte seël teen die teruglek van gas tussen die dopwand en die geweer se kamerwand, terwyl die slagdoppie 'n prop vorm om gas wat deur die vlamgat kan ontsnap, te seël. Druk bou nou eksponensieel vinnig binne die doppie op as gevolg van die dryfmiddel se versnelde ontbrandingspatroon *(exponential combustion)*.

**7.** Die opbouende druk oorkom die weerstand van die nekspanning om die skag van die koeël en die moontlike weerstand wat deur krimp of plak van die koeël veroorsaak is, en forseer die koeël vorentoe in die lande van die loop in.

**8.** Teen hierdie tyd het die doppie sy greep op die koeël verloor, die doppie se nek het nou uitgeswel en verhoed dat enige gas terugwaarts lek. Die loop se groefpatroon sny nou in die sagte wande van die koeël in en die koeël vorm 'n digte seël om te keer dat druk tussen die koeël en die loop se binnewande ontsnap. Die onverbrande kruit hou aan brand in die doppie, asook dié wat die koeël in die loop af volg.

**9.** Met die geswolle doppie in die kamer en die koeël wat die loop aan die voorkant teen gaslekkasie vorentoe afsluit, word die spasie tussen die koeël en die doppie nou 'n groter wordende ontbrandingskamer. Die koeël versnel en die rotasie- of tolspoed neem toe ooreenkomstig met die loop se groefdraaiverhouding, vir korrekte stabilisasie wanneer dit in vrye vlug buite die loop uitbeweeg.

**10.** Twee opponerende toestande ontwikkel nou wat die druktoestande in die kamer en die loop beïnvloed. Die brandende dryfmiddel ontwikkel meer en meer gas, terwyl die koeël wat in die loop afbeweeg die ontbrandingsruimte vergroot. Die lading, tipe dryfmiddel en die loop se eienskappe bepaal nou of die druk aanhou styg en of dit daal. Dit sal veroorsaak dat die koeël aanhou versnel soos dit in die loop afbeweeg in die geval van stygende druk, en of die koeël se snelheid in die loop afneem na 'n entjie as die druk verlaag. Hierdie is 'n belangrike faktor wat die herlaaier in gedagte moet hou wanneer hy dryfmiddel vir sy spesifieke geweer aankoop.

**11.** Wanneer die koeël nou die tromp bereik en die loop by die kroon verlaat, bars die saamgeperste gas agter die koeël deur die gaping wat tussen die gassluitring om die koeël en die rand van die kroon by die loop se tromp ontstaan. As die kroon nie absoluut haaks, of ook genoem ortogonaal, met die as van die loop gesny is nie, word die koeël se rigting versteur en veroorsaak dit uiteraard dwaalskote. Hierdie aanvanklike vrylating van gas teen snelhede van groter as Mach 1 en onder geweldige druk, veroorsaak 'n enorme drukgolf wat vir die blote oor soos 'n harde knal klink. In swak lig vertoon hierdie vrylating van die warm gas as 'n trompflits. Kruit wat nog nie uitgebrand is nie, sal agter die koeël ontsnap sonder om 'n bydrae tot die koeël se vlugprestasie te lewer.

**12.** Die druk binne-in die doppie en die loop verminder nou drasties en val binne millisekondes tot die heersende atmosferiese druk. Die druk wat die doppie se wande teen die kamer se wande vasgedruk en die seël gevorm het, word ook verlig en die materiaal se veerkragtigheid veroorsaak dat die wande weer effens krimp. Omdat die doppie se materiaal tot buite sy elastisiteitsvermoë gerek het, sal die doppie nie na sy oorspronklike vorm terugkeer nie. Die vorm wat die doppie nou het, kan vir praktiese redes deur die herlaaier aanvaar word as 'n gietstuk van sy geweer se kamer. Hierdie rek- en swelkragte waaraan die doppie blootgestel word, veroorsaak verharding, veral aan die nekgedeelte van die dop. Die nekspanning van die doppie neem dus af, wat sy lewensiklus verkort; iets wat die herlaaier van kennis moet neem.

**13.** Die doppie is nou vry om uit die geweer se kamer getrek te word.

**WAT IS DIE INVLOED VAN HIERDIE DINGE OP DIE HERLAAIER SE BENADERING VIR DIE LAAI VAN DIE VOLGENDE PATROON?**

Dit is BAIE belangrik om die gevuurde doppie te inspekteer en die tekens wat die vorige skoot op die doppie agtergelaat het te vertolk sodat jy die laairesep vir die volgende lading kan aanpas. Die belangrikste punte waarop jy behoort te fokus, is as volg:

**1**. Om die afsluiting van 'n gaslekkasie behoorlik te doen, moet die doppie effektief in die geweer se kamer kan uitswel, veral die sagte nekgedeelte. Dit beteken dat die doppie se verharding beheer moet word deur die gereelde uitgloeiing van die nekgedeelte. Die beheer van nekverharding verseker ook dat (met elke opeenvolgende skoot) die nekspanning om die koeël vas te hou, dieselfde bly. Die geswolle doppie moet dan met 'n doelgeskikte matrys teruggevorm word om die gladde voer van die herlaaide patroon te verseker. Die vuurproses en die gevolglike vormproses kan ook die doppie se lengte rek, wat dan vereis dat dit weer gesny moet word. Dit verseker ook dat die doppie se bek haaks met die as gehou word deur die doppie, vir dieselfde rede as wat die kroon by die tromp van die geweer haaks moet wees.

**2.** Die drukvlak tydens die ontbrandingsproses is krities. Te veel druk hou 'n groot veiligheidsrisiko in en kan die doppie of geweer beskadig. Te min druk kan veroorsaak dat die koeël nie die geweer se loop verlaat nie, soos in die geval van subsoniese ladings, of die koeël kan nie behoorlik stabiliseer in vlug nie. Die druk is korrek as die doppie maklik uit die kamer getrek kan word, die doppie se kop nie druktekens toon nie en daar slegs aan die buitekant van die doppie se nek kruitbrandmerke is. Met jagammunisie, waar die trefspoed van die koeël belangrik is om dit te laat omklink, kan die impakspoed te laag of te hoog wees. 'n Te lae spoed sal verhoed dat die koeël behoorlik omklink en te hoë spoed sal die koeël voortydig laat fragmenteer en penetrasie sal daaronder ly. Die korrekte kruit/slagdoppie/koeël-kombinasie is nodig in 'n bepaalde loop.

**3.** Die kragte waaraan bottelnekdoppe onderwerp word, verskil van dié van reguitwanddoppe. Bottelnekdoppe verhard vinniger, wat beteken jy moet meer aandag gee aan die voorbereiding vir die herlaai van bottelnekdoppe.

**4.** Let op na die af/aanwesigheid van knypbekdoppe en *doughnuts* wat as gevolg van metaalvloei en die vorentoe rek van doppe kon onstaan het en korrigeer dit op die voorgeskrewe manier. Dit sal verhoed dat onverwagte hoë druk en onakkuraatheid by "veilige" en goeie ladings ontstaan.

**SAMEVATTING**

Dit is altyd goed om 'n proses waarmee 'n mens besig is, te probeer verstaan. Dit help jou om voorsorg te tref teen onwelkome gevolge. Nuuskierigheid is 'n belangrike kenmerk van 'n goeie herlaaier. Identifiseer veranderlikes en besluit of jy dit wil verander, maar belangriker nog is om sover moontlik te verstaan wat die gevolge van die veranderings kan wees.

PASOP VIR TE SLIM PROBEER WEES... DOEN WAT JY MOET DOEN.

# SHOP WINDOW

TO ADVERTISE IN JAGTER HUNTER OM TE ADVERTEER IN MAGNUM

**CONTACT/KONTAK:**
Jacomien Oosthuizen
Tel: 012-485-9353 | Sel: 082-495-2909
E-pos: jacomien.oosthuizen@media24.com

**OR/OF**
Jacques Boshoff
Tel: 012-485-9360 | Sel: 079-528-8793
E-pos: jacques.boshoff@media24.com



## RANYATI
FIREARM MOTIVATIONS

**New license applications and renewals**
**Printed motivations for:**
- Occasional hunting and sport shooting
- Dedicated hunting and sport shooting
- Semi-auto firearms
- Self-defense

**Riaan Kunneke**
www.firearmmotivations.co.za
Tel: 087 151 0987 Fax: 086 529 2791
Email: info@firearmmotivations.co.za



## BLITZ BLADE SHARPENER

*Any blade super sharp in a Blitz!*

0823761835
mooiblitz@gmail.com
www.blitzblade.co.za

Includes 2 belts

## JUNIOR JAGTERSOPLEIDING

ALMAL TUSSEN 9 TOT 16 JAAR WELKOM!

- Wapenhantering en -veiligheid
- Identifisering van spesies
- Identifisering van spore
- Etiese Jagtegniek
- Skiettegniek
- Teikenskiet

En nog vele meer aktiwiteite saam ons Professionele jagter!

BEGINNERSKURSUS
GEVORDERDE KURSUS

082 632 0903
KWENA NOKA
JUNIOR HUNTING TRAINING SCHOOL
www.juniorhunter.co.za



## TE KOOP
Aandeel in luukse 1400 ha
PRIVAAT WILDPLAAS
in die Waterberge

Luukse 4-slk woning (34 eenhede op 300 ha; 1100 ha wildkamp en wildsomheining). Swembad, lapa, kroeg met TV, slaggeriewe, koelkamer, ens.

Angus Nel – 082 891 8220

## GUNSMITHING

MRS TECHNIQUES
EST. 1998

- Certified Smith & Wesson Armorers
- Specialists in 1911-work and sportgun builds
- Rifle work done by experienced gunsmith

Tel: 012 998 3622 | Email: info@mrst.co.za

## ARMTEC SYNTHETIC STOCKS

P. O. Box 20481, Noordbrug, 2522 (Potchefstroom)
Chris 082 853 7134, Office (Daleen) 083 531 5860
Fax 0866 284 893 • www.armtec.co.za



Manufactured from multi-layered fibreglass cloth, laminated under pressure and filled with hi-tech composite materials. Finished in non-slip, chip-resistant epoxy coating. Available for Lee-Enfield, P14 and Brno.

*Custom-built stocks for all other makes.*

Services offered:
- Firearms motivations, applications & permits (making licensing easy)
- Firearms sales (Rifle, handgun, shotguns & semi-automatic)
- Riflescope
- Ammunition
- Gunsmithing services

CONTACT US FOR PERSONAL SERVICE!

JRM GOODS & SERVICES (PTY) LTD

Kobus van den Berg
Cell: 082 619 7236
Fax: 086 236 0615
Email: jagtersreg@firearmsa.co.za
www.firearmsa.co.za

BERETTA
RUGER
GLOCK PERFECTION
Howa
sako
LEUPOLD
CZ
WINCHESTER

VECTOR OPTICS PREMIUM SCOPES
Excellent Optical Performance for Perfectionists. Challenging the Brands with Fair Prices!
- German optical system
- Clear Schott glass lenses
- 30 mm Monotube
- Long eye relief (100 mm)
- Adjustment 1/5 & 1/10mil
- Side focus
- Glass mil-dot reticle
- RED illuminated
- Honeycomb sun shield
- FREE Picatinny mounts

PARAGON - German Style:
1,2-6x24mm R5 900.00
2-10x50mm R7 500.00
3-15x50mm R8 500.00
6-30x56mm R9 600.00
PACER - Air Rifle & .22:
3-9x40 x 1" R 990.00
GRIZZLY - Bos & Vlakte:
2.5-10x56mm R3 750.00
3-12x56mm R3 900.00
FORESTER - Value For Money:
2-10x40mm R3 900.00
3-15x50mm R4 500.00
LASER RANGEFINDERS:
Rover 6x30x600m R4 990.00
Aurora 8x30x1200m R6 500.00

SCOPE MOUNTS
Premium-quality, Stress-free Mounting
Ultimate Repeatable Accuracy & Reliability
Quick-detachable Pivot Mounts with perfect repeatable zero
Quick-detachable Picatinny rings with lever with perfect repeatable zero
Large selection of Weaver and Picatinny rails
Mounts for Sako Tikka, Blaser R8 / R95, Docter sights and sporting rifles
For more info visit www.eaw.de/en/service/online-catalogue.html
TOOLFair Cell: 082 566 2332 | wilhelm@toolfair.co.za Visit www.toolfair.co.za to view range

OpticsInternational
Performance Optics
DOCTER®
Premium Quality German Optics
Docter V6
1-6x24, 2-12x50, 2.5-15x56
Premium Optics, Excellent Built Quality, Illuminated Reticle, 6x Zoom
Redring · PULSAR · STEINER · VORTEX · LEUPOLD · meopta · REDFIELD · SWAROVSKI OPTIK · Nikon · KAHLES · ZEISS · Trijicon · BURRIS · Leica · Aimpoint
Jan 082 574 4859 • info@opticsinternational.co.za
www.opticsinternational.co.za

LANGAFSTAND SKIET EN JAG KURSUSSE
Kontak: Sean
083 383 7390
info@longrangeshootingsa.co.za
www.longrangeshootingsa.co.za
Long Range Shooting SA / Langafstand Skiet SA

BULPERD TRAILERS
5.5m-WILDSWA
4 VERSKUIFBARE KOMPARTEMENTE
RUBBERMAT • AGTER- + KANTDEUR
LUG- & DREINERINGSGATE • DAKDEURE
2 X 2.5 TON-ASTE
LED-LIGTE & 3.5 TON-REMKOP
15"-BANDE • SPAARWIEL ING.
R87 900 BTW ING.
4.5m-WILDSWA
3 KOMPARTEMENTE, RUBBERMAT
LUGGATE, URINERINGSGATE
DAKINSPEKSIEDEURE, TROKLIGTE
14"-BANDE, SPAARWIEL ING.
NATUURBEWARING GOEDGEKEUR
RUBBERASTE – R5 000 EKSTRA
R68 900 BTW ING.
Phone: 082 414 2569 | Fax: 086 604 4432
Email: callie@yebo.co.za | Web: www.bulperd.co.za


# JAGTERSMARK HUNTERS MARKET

JAGTER HUNTER · MEDIA24

***Die advertensie sal verskyn onder JAGTERSMARK/HUNTERS MARKET.***
***Die koste beloop R323.76 (BTW ingesluit) per plasing, per 20 woorde.***
***Betaling moet die advertensie vergesel.***

**R280 + BTW = R319.20 per 20 woorde**

***Geen advertensie sal geplaas word sonder 'n volledig voltooide aansoekvorm en betaling nie. Die sluitingsdatum vir die advertensies is 30 dae voor die volgende maand se uitgawe. Vir meer inligting kontak Jacomien Oosthuizen by 012-485-9353 of jacomien.oosthuizen@media24.com***

Naam van adverteerder:
ID No. indien privaat kliënt:
Reg. No. indien besigheid:
Posadres:
Tel: Faks:
Sel: E-pos:

**BANKBESONDERHEDE:**
**Media24 Die Burger ABSA Rekening: 0550000059**
**Takkode nodig vir elektroniese inbetalings: 632005**
Gebruik u Media24-rekeningnommer as verwysing, indien u een het, andersins naam en van of in die geval van 'n besigheid, die besigheid se naam.

**E-POS BEWYS VAN BETALING NA:**
jacomien.oosthuizen@media24.com

**Advertensie vir:**
(maand)
tot (maand)

Bedrag inbetaal: R

**Kies een (x):**

| Hunting Opportunities/ Jaggeleenthede | | For Sale/ Te Koop | | Wanted/ Gesoek | | Services/ Dienste | | Other/ Ander | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**Bewoording van advertensie:**

# JAGTERSMARK | HUNTERS MARKET

OM TE ADVERTEER IN JAGTERSMARK, KONTAK:
Jacomien Oosthuizen | Tel: 012-485-9353 | Sel: 082-495-2909 E-pos: jacomien.oosthuizen@media24.com
Jacques Boshoff | Tel: 012-485-9360 | Sel: 079-528-8793 | E-pos: jacques.boshoff@media24.com

## JAGGELEENTHEDE HUNTING OPPORTUNITIES

**LASARUS GAME FARM / 777 GAME BREEDERS – MOSSEL BAY**
Garden Route.
Full/self-catering.
Bow/rifle hunting.
Trophy/biltong hunting.
Hunt all year.
082-443-1147/
082-448-3975
*www.lasarusgamefarm.co.za*
*lasarusgamefarm@gmail.com*

**SEGODI GAME LODGE / SEGODI HUNTING OUTFITTERS**
Hunt and relax in the Ellisras bushveld. Luxury lodge and accommodation.
Self/B&B/full-catering.
Rifle/bow hunting all year round.
Book your 2018 hunt now!
Sebastian Jonker:
079-239-9304/
078-498-6860,
*segodilodge@gmail.com/www.segodi-hunting-outfitters.com*

**KALAHARI HUNT**
Eland, kudu, blesbuck, gemsbuck, springbuck.
Kuruman (Northern Cape) and Schweizer-Reneke (North West).
*www.kameeldoringsafaris.co.za*
Tel: 056-514-9304
Yolande email: *info@kameeldoringsafaris.co.za*

**THE HUNT FOR FOOD – SWARTWATER**
Nice place for bow and rifle.
March till November.
Self-catering accommodation.
Trophy/Biltong.
Plenty of game.
Tel: 072-055-0464
Tel: 073-410-2832
*info@thehuntforfood.com*
*www.thehuntforfood.com*

**WITGAT SAFARI'S**
Kom geniet 'n egte tradisionele Noord-Kaapjag met 23 spesies van topkwaliteit-, volwasse wild.

## JAGGELEENTHEDE HUNTING OPPORTUNITIES

Netjiese jaghuis met DStv en internet beskikbaar.
Pragtige natuurskoon.
Kontak Johan:
082-227-8293 of e-pos
*johanludwick@gmailcom*

**KALAHARI-JAG**
Kom geniet die gasvryheid van rooi duine, kameeldoringbome, grasvlaktes, selfsorgakkommodasie, slaggeriewe en koelkamers.
19 spesies om van te kies.
E-pos:
*info.namakwari@gmail.com*
of skakel Albertus:
076-317-1360

**LIMPOPO, ALLDAYS, BROMBEEK**
Jaggeleentheid, koedoe, rooibok, gemsbok en vlakvark.
Akkommodasie volledig toegeruste selfsorgeenheid met slag- en koelgeriewe.
Kontak Susara:
082-554-8922
Of epos:
*brombeek.safaris@gmail.com*

**THABAZIMBI BUSHVELD**
Quality hunting with plenty of game.
First-class accommodations and services.
Full/Self-catering.
Corporate groups welcome.
Tophy/biltong hunting.
Bow & rifle hunting.
Phone/sms/WA:
073-677-7323
Email: *office@limcroma.com*
Website: *www.limcroma.com*

**KUDUZIGHT SAFARI'S - SWARTWATER, LIMPOPO**
Geweer- en boogjag.
Plaas met vrystelling.
Jagkamp met boma.
Slaggeriewe, voertuig, hout, gidse ingesluit in dagfooie.
Skakel vir meer inligting
Ferdi:
082-872-0375/
011-659-7057
*info@ecoturf.co.za*

## JAGGELEENTHEDE HUNTING OPPORTUNITIES

**PREMIUM SAFARIS – Ellisras**
PREMIUM
SAFARIS - SOUTH AFRICA
6 500ha-jagplaas. Ses boogskuilings. Boskamp en lodge beskikbaar. E-pos vir pryslys.
Ig Steenekamp
Tel: 079-729-7986
E-pos:
*igsteen@vodamail.co.za*

## TE KOOP | FOR SALE

**WWW.SRSANDOPTICS.CO.ZA**
BOYDS HARDWOOD GUNSTOCKS
Vir die aankoop van enige kolwe van *boydsgunstocks.com* produkte.



**SKAAPBOER-HOUTKOLWE SRS-PASMAAKKOLWE**
Bou van presisiekolwe uit gelamineerde hout en hoëgraad-houtkolwe uit eksotiese hout. Ook met ruitwerk.
srsandoptics.co.za
LIKE US ON facebook
Skaapboer Houtkolwe

**VECTOR OPTICS**
(Lewenslange waarborg*)



TAC VEctor Optics
LAPUA
TRU-SHOT



Skakel: Johann 082-410-6827
E-pos: *wjf0824106827@gmail.com*

## TE KOOP | FOR SALE

**S.A Mega Structures**

- Best prices and service in SA!!!
- Prices available on request. (Please do compare!)
- Manufacturing, assembly and roof plates included.
- (Free basic drawings and plans with every purchase)
- All other sizes welcome.

**SIZES/GROOTTES:**

| | | |
|---|---|---|
| 9X20X4 | = | R 63 000 |
| 12X25X4 | = | R108 000 |
| 12X50X4 | = | R215 000 |
| 15X30X4 | = | R159 000 |
| 15X40X4 | = | R215 000 |
| 18X30X4 | = | R189 500 |
| 18X40X4 | = | R255 000 |
| 20X30X4 | = | R215 000 |

- Beste pryse en diens in SA!!!
- Pryse beskikbaar op navraag. (Vergelyk ons pryse gerus!)
- Vervaardiging, oprigting en dakplate ingesluit.
- (Gratis basiese planne en tekeninge saam met elke aankoop)
- Alle ander groottes welkom.

*SA Mega Structures*
**012-520-5020**
*http://samegastructures2.wixsite.com/steel*

## DIENSTE | SERVICES

**QUINTIN JORDAAN ATTORNEYS**
Firearm licence and firearm appeal applications (100% success rate).
Also sequestration and liquidation applications.
Phone 082-805-0674 (Pretoria).

SNIPER AFRICA®



DESIGNED TO DISAPPEAR

## CAMO TAPE

FROM **R145⁰⁰** VAT INCL.




## BASIC SHORTS

FROM **R295⁰⁰** VAT INCL.



## PRO HUNTER PEAK CAP

**R185⁰⁰** VAT INCL.



## PRO TACTICAL PEAK CAP

**R185⁰⁰** VAT INCL.



## VINTAGE PEAK CAP

**R165⁰⁰** VAT INCL.



## EXPLORER PEAK CAP

**R165⁰⁰** VAT INCL.



## RECON SQUARE PEAK CAP

**R185⁰⁰** VAT INCL.




## RECON REC PEAK CAP

**R185⁰⁰** VAT INCL.




## MEN'S SNIPER TEES

FROM **R195⁰⁰** VAT INCL.




Email: info@sniperafrica.com • **www.sniperafrica.com** Sniper Africa Sniper_Africa Sniper_Africa

# BETAAL JY TE VEEL VIR JOU MOTORVERSEKERING?

## SKAKEL OOR NA OUTSURANCE EN SPAAR!




### SNV
2017 Ford EcoSport 1.5
Ambiente
**Premie: R 446 pm**
**OUTbonus: R 1 700**
55-jarige vrou | Dekking teen haelskade ingesluit




### BAKKIE
2017 VW Amarok 2.0 BiTDI Highline
132KW A/T/ D/C/ P/U
**Premie: R 775 pm**
**OUTbonus: R 2 958**
43-jarige vrou | Dekking teen haelskade ingesluit



### SNV
2017 Toyota Fortuner 2.8
GD-6 4x4
**Premie: R 493 pm**
**OUTbonus: R 1 882**
65-jarige man | Dekking teen haelskade ingesluit




### BAKKIE
2016 Chevrolet Utility 1.4
S/C P/U
**Premie: R 332 pm**
**OUTbonus: R 1 266**
65-jarige man | Dekking teen haelskade ingesluit




### BAKKIE
2017 Toyota Hilux 2.8 GD-6
RB Raider D/C
**Premie: R 791 pm**
**OUTbonus: R 3 018**
48-jarige man | Dekking teen haelskade ingesluit



### BAKKIE
2017 Nissan Navara 2.3D LE
4x4 A/T P/U D/C
**Premie: R 878 pm**
**OUTbonus: R 3 351**
43-jarige man | Dekking teen haelskade ingesluit

sms **“jagter”** na **31495** vir ’n kwotasie.

En as ons nie jou motorversekerings-premie kan klop nie, gee ons jou **R400**.

OUTsurance is ’n gemagtigde finansiële diensteverskaffer. Die OUTbonus word uitbetaal na drie eisvrye jare en is gebaseer op die premie. Motorversekeringspremies gekwoteer is afhanklik van die risikoprofiel. B’s, V’s en standaard sms tariewe geld.

OUT SURANCE

Waar jy altyd iets uitkry.

motor

08 600 60 000 | outsurance.co.za

OUTP/0399/A